
# ELDO IN DRUK

## 1996




- **Hands off**
- **Fokus op Matrieks**
- **Mej Top Tiener**
- **1996 Sport prestasies**
- **Ontmoet vir Griet**
- **Onnies toe**

VERVUL JOU ROEPING




# Inhoudsopgawe





## Boodskappe

Boodskap van die hoof 1
Die redakteur sê sy sê 1

## Matrieks

Matriek klasfoto's 12

## Personeel

Onnies toe 2
Nuwelinge 10

## CSV

God: feit of fiksie 18



## Kultuur

Hands off 25
Trompoppies 29
Mej Top-tiener 32
HOP vir sukses 33
Eldo-poësie 35




## Sosiaal

Eldoman 41
Ontmoet vir Grieta 45





## Sport


Peet Botha 49
Toekomstige SA-krieketheld 53
Netbal 54
Sagtebal 61





## Redaksioneel

Redaksie 63
Die outjie met die "vleisraam bril" 64



# Boodskap
## van die hoof

Dit is met trots, maar met erkenning teenoor die Hemelse Vader, dat ons met die eerste verskyning van 'n kwartaalblad, u 'n kykie kan gee in die ryke verskeidenheid talente, prestasies en werksaamhede van Hoërskool Eldoraigne.

Verskeie uitstaande prestasies op akademiese, sport- en kultuurgebied is die afgelope tyd behaal waarop die skool baie trots is.

Die personeel is besonder bevoorreg om met puik leerlinge te werk en hulle talente te ontwikkel. Ons is dankbaar vir die kontak wat ons met ouers kan maak en dank u vir die voorreg wat ons het om met die kosbaarste besitting van elke ouer te kan werk.

U word hartlik uitgenooi om deel te word van u skool. As die ouerhuis en skool saamwerk, is óns beter daartoe in staat wees om u kind te begelei.

Mag die dieper betekenis van hierdie blad elkeen inspireer om nog 'n groter bydrae te lewer, sodat ons saam ons roeping kan vervul.

F. Roos<br>
HOOF

# Die Redakteur
## sê sy sê...

Meer dae, meer dinge...So is dit dan ook waar van hierdie afgelope jaar in die geskiedenis van Eldoraigne. Beslis 'n jaar om met hoofletters in die argiewe op te teken: Ons skool het 'n nuwe hoof gekry, ons koerant het verskeie metamorfoses ondergaan, ons trompoppies is weereens Transvaal Kampioene, ons het in netbal; hokkie; rugby; tennis; krieket en gholf uitgeblink. Op die immer ontwikkelende vlak van die kultuur het ons weer bewys dat Eldo's nie sommer van hier is nie, met onder andere uitstekende uitslae op die Eisteddfod; kunstefeeste en verskeie kompetisies. Ons het baanbrekerswerk verrig in die kinderbeskermingsveld en in die bewusmaking van die belange van ons senior burgers. Op hierdie en soveel ander terreine het Eldoraigne homself bo die menigtes uitpresteer en was 1996 voorwaar 'n suksesvolle jaar!

Maar ongelukkig het 1996 ook vir ons baie hartseer besorg...Ons skoolgemeenskap was geruk deur die ontydige dood van drie van ons vriende, in ons huisgesinne is geliefdes gehospitaliseer, met kanker gediagnoseer of begrawe. Internasionaal het die rand se waarde geval en het misdaad ons land se lang tog na 'n vreedsame demokrasie met vele gruwelike struikelblokke besaai. Voorwaar 'n jaar van pyn...

Die tyd staan egter nie stil nie. Die wiel draai en so staar 'n nuwe jaar ons almal in die gesig. Party van ons voel verlam deur die onheilspellende toekoms wat vir ons daarbuite in die regte wêreld wag. Ander moet volgende jaar die taak van leerlingraad op hul skouers neem, terwyl nog 'n ander groep met een trappie in die leer van hul skoolloopbaan sal vorder... Iewers droom 'n kind van 'n toekoms; van 'n kar; van die perfekte ou of meisie en iewers kleur 'n onderwyser nog 'n grys haar. Inderdaad, die lewe staan nie stil nie - en dit wag ook vir niemand nie.



My boodskap aan almal daar buite, is nie profeties nie, nie skrikwekkend of meevoerend nie. My boodskap is net dit: Waar jy ookal gaan: doen dit wat jy doen, na die beste van jou vermoëns...en **VERVUL JOU ROEPING!**

*Redakteur '96: Willie Knoetze*






***Mev Keun***

# Onnies
## 'n paar dekades terug

***Karin Crouse***

Soos almal of in elke geval die meeste van ons weet het 'n ieder en elk die een of ander tyd sy eie matriekafskeid. (Matrieks van die jaar julle gaan 'n fees hê.)

So ook het al daai mense wat elke dag so getrou aan jou kou en smeek om jou huiswerk te doen, ook hulle besonderse aand gehad. Eldo-in-druk het my die opdrag gegee om die onnies in hul matriek afskeid gewaad te gaan insamel. Was dit nou vir jou iets om te aanskou - nee, nie die blos nie, die reaksies: hier volg 'n paar.

**Mev. Han:** Maar ek het draadjies gehad.<br>
**Mev. Odendaal:** Myne?<br>
**Mev. Kevin:** Maar ek het so krismisrok aangehad.<br>
**Mev. Jenlains:** My rok was blink, baie blink.

Wel, hier is 'n paar foto's waaroor daar nog lank gepraat gaan word of dalk gelag gaan word.



***Mev Horn***



**1970**

***Mev Taylor***



Mev Bezuidenhout



Blou!




Me Jooste



Me Kotzenberg

**1962**




Ware liefde - Mnr en mev du Toit



Me Ilze Smit





1991

Me Frida Smit



Mev Pretorius

**1948**




Me Nunes



**1652**

Die rokkie is pienk. Kyk daai pose



Mev Gräbe




*Mev Greyling*




*Mev Jenkins. Ja, julle kyk reg dit is Joost!*



*Mev v.d Watt. Kyk daai middeltjie*



# Troue

Mev Elize Maré (voorheen Raubenheimer) is op 5 Julie 1996 getroud met Sieg Maré, 'n prokureur, in die Groenkloof N.G. Kerk. Eldoraigne Hoërskool was goed verteenwoordig op die troue. Mev V/d Merwe en Morné van Heerden het onderskeidelik orrel en klarinet gespeel en Morné, Lehana, Marli, Marileen en Renate van die St. 9-musiekleerlinge het in die kerk gesing.

Mnr en Mev Maré is Seychelles toe vir hulle wittebrood. In Mev. Maré se woorde: "Die Seychelles is paradys mooi - soos op die prentjies!"





# Interessant: Intellektueel: EVANS!!

***Leigh Franck***

Me. Evans, die Adjunkhoof van Eldoraigne blyk 'n merkwaardige vrou te wees wat studies betref. Sy het 'n jaar in Engeland aan die Universiteit van Birmingham (die tweede grootste stad in Brittanje naas Londen) gaan swot en sodoende haar meestersgraad verwerf in die onderrig van Engels aan anderstaliges. Die rede vir daardie spesifieke rigting verstreksy maklik. Daar is 'n ernstige behoefte in die RSA om Engels goed magtig te wees want slegs 10% van ons multikulturele bevolking praat Engels as hul moedertaal. "English is after all a universal language".

Sy lewe voluit vir haar loopbaan en beywer haar virdie verspreiding van kennis. In SA het Me. Evans haar onderwysgraad - met Engels as hoofvak behaal.





So ook drie diplomas in Jeugweerbaarheid, Onderwysbestuur en "English Language Teaching" ofte wel ELT.


Haar hart is definitief in die onderwys. Verskeie projekte hou haar besig. As sy nie besig is met in-diensopleiding van onderwysers nie, gee sy onderrig in Engels en as sy nie kursusse aanbied of besig is met nog verdere studies nie hou sy daarvan om te draf, tuin te maak, na die teater te gaan of om te lees.

Sonnige SA het sy glad nie gemis nie en die Engelse klimaat was nie 'n probleem nie. Daar is alles verhit, treine, busse, klaskamers... Meer as wat sy kan sê van ons land met sy koue winters. Sy het baie gelees oor SA; inligting wat sy van die Ambassade af gekry het en haar op hoogte gehou het met al die nuwe verwikkelinge wat plaasgevind het terwyl sy weg was.

Op die vraag hoekom sy teruggekeer het na Suid-Afrika, het sy 'n vinnige antwoord: "Hier is te veel geleenthede om hulle te laat verbyglip".

By hierdie ambisieuse vrou kan talle dinge geleer word. "Die sogenaamde "nuwe" SA is nie nuut vir die jongmense nie, dit is hulle realiteit. Jou eie aksies bepaal jou geleenthede".

## Mev. Daleen Eloff



1. Eksamenpaneel: Bedryfsekenomie vir Senior Sertifikaat van Gauteng Onderwys Departement. Opstel van St. 10-eindeksamen vraestel - 1994 tot tans.
2. Hoofnasiener vir Bedryfsekonomie. Senior Sertifikaat vir Gauteng Onderwys Departement 1994 tot tans.
3. Bestuur Bedryfsekenomie werkgroep N1-streek 1996.
4. Bedryfsekenomiesillabuskomitee - 1994 - 1996
5. Aanbied van werkswinkels - Bedryfsekonomie vir onderwysersopleiding namens Gauteng Onderwys Departement.
6. Paneel vir opstel van Itembanktoetse in Bedryfsekenomie vir RGN.
7. Nasienpaneel van Bedryfsekenomie - volwasse onderrig wat deel is van H.O.P.-program.

**Vak:** Bedryfsekonomie
**Gunsteling kossoort:** Roomys
**Gunsteling drankie:** Campari en soda
**Mooiste woorde ooit gehoor:** Catpe Diem (seize the day)
**Gunsteling kleur:** Blou
**Gunsteling rolprent:** Forrest Gump
**Gunsteling akteur:** Michael Douglas (enige yummy-man!)
**Gunsteling aktrise:** Sally Field
**Hoe lyk u ideale man/vrou:** Atleties gebou, sensitief, intelligent en vol lewenslus met baba blou oë.
**Most embarrassing moment:** By 'n baie deftige dinee het ek, aan die hooftafel, die stoel misgesit.
**Grootste ideaal bereik:** 10 km wedloop suksesvol afgelê (Valentynsdag 16/2/96).
**Gunsteling sprokieskarakter:** Garfield
**Ideale romantiese aand:** Burgerspark hotel, kamer 215
**Hoe sou u uself beskryf:** 'n Vrolike Christen, hardwerkend met 'n sin vir humor en 'n soms haastige mond.

## F. Smit

**Vak:** Wiskunde
**Gunsteling kossoort:** Calamari
**Gunsteling drankie:** Bitter Lemon
**Mooiste woorde ooit gehoor:** Juffrou, nou sien ek!!
**Gunsteling kleur:** Rooi
**Gunsteling rolprent:** Out of Africa
**Gunsteling akteur:** Robin Williams
**Gunsteling aktrise:** Meril Streep
**Hoe lyk u ideale man/vrou:** Iemand met entoesiasme vir die lewe en 'n sagte hart.
**Most embarrassing moment:** Toe ek by die Cascades Hotel wafeldeeg met vla verwar het.
**Grootste ideaal - bereik / nie bereik nie:** Ek wou graag by Eldoraigne skoolhou. As kind het ek geromantiseer oor diepseeduik. Dit sal ek nooit doen nie!
**Gunsteling sprokieskarakter:** Pluto
**Ideale romantiese aand:** By die see - ná 'n lekker seekos ete, 'n stappie langs die strand.
**Hoe sou u uself beskryf:** 'n Afrikaanse ma en wiskunde juffrou, met konserwatiewe beginsels...iemand wat gelukkig kan wees met wat die lewe vir my gedeel het.

## G. Kleynhans

**Vak:** Afrikaans
**Gunsteling kossoort:** Brood
**Gunsteling drankie:** Diet Sprite
**Mooiste woorde ooit gehoor:** As God jou oor klipperige paaie laat loop, voorsien hy sterk stewels - Corrie ten Boom.
**Gunsteling kleur:** Groen
**Gunsteling rolprent:** The Professional
**Gunsteling akteur:** Clint Eastwood
**Gunsteling aktrise:** Meryl Streep
**Hoe lyk u ideale man/vrou:** Intelligent, veral op finansiële gebied, met ander woorde hy moet daar warmpies in sit.
**Most embarrassing moment:** Onkunde in my eerste rekenaar les.
**Grootste ideaal:** My kar klaar betaal
**Gunsteling sprokieskarakter:** Pinnochio
**Ideale romantiese aand:** Enige plek behalwe my klas



## Mev. Taylor

**Vak:** Afrikaans
**Gunsteling kossoort:** Pasta
**Gunsteling drankie:** Sjampanje of moerkoffie
**Mooiste woorde ooit gehoor:** Jy het dit gemaak.
**Gunsteling kleur:** Navy en vuilpienk
**Gunsteling rolprent:** Op die oomblik "Lion King"
**Gunsteling akteur:** Pierce Brosman
**Gunsteling aktrise:** Sandra Prinsloo
**Hoe lyk u ideale man/vrou:** Soos my man - humorsin, goeie maniere, bruin hare en warm bruin oë.
**Most embarrassing moment:** As ek dit moet bekend maak, dan sal die bekendtenis die mees embarrasserende oomblik wees.
**Grootste ideaal - bereik/nie bereik:** om 'n professor in Afrikaans by 'n universiteit te wees.
**Gunsteling sprokieskarakter:** The Beast van "Beauty and the Beast"
**Ideale romantiese aand:** Staatsteater en 'n restaurant-ete.
**Hoe sou u uself beskryf:** Soms gewoon en soms boheems.

## Mev. Ungerer

**Vak:** English
**Gunsteling kossoort:** Enige soet nagereg
**Gunsteling drankie:** Vars vrugtesap met roomys gemeng
**Mooiste woorde al ooit gehoor:** "To a wonderful teacher with all our love. Your pupils".
**Gunsteling kleur:** rooi en wit
**Gunsteling rolprent:** The Jazz Singer
**Gunsteling akteur:** Tom Hanks
**Gunsteling aktrise:** Barbara Streisand
**Hoe lyk u ideale man/vrou:** Elegant, goed versorg en innemend van geaardheid.
**Most embarrassing moment:** Petticoat elastic broke, slipped down...
**Grootste ideaal - bereik / nie bereik nie:** Om standerdhoof van die St. 9 - 1996 te wees.
**Gunsteling sprokies karakter:** Sneeuwitjie.
**Ideale romantiese aand:** Wintersaand, knetterende kaggelvuur, fluweel brugtafel en stoele, kaarte, wonderlike vriende, kerslig, cognac kristalglase gevul.
**Hoe sou u uself beskryf:** 'n Tink-tinkie wat alles moontlik uit die lewe wil put.

## Mev. De Beer

**Vak:** Natuur & Skeikunde
**Gunsteling kossoort:** Pizza, want daar's nie skottelgoed nie.
**Gunsteling drankie:** SNOEPIE-koeldrank (gaan vir goeie doel)
**Mooiste woorde ooit gehoor:** Salaristjeks is by die kantoor beskikbaar.
**Gunsteling kleur:** Blou
**Gunsteling rolprent:** "Grand Canion"
**Gunsteling akteur:** Mel Gibson
**Gunsteling aktrise:** Meg Ryan
**Hoe lyk u ideale man:** Soos my man...
**Most embarrasing moment:** Die predikant het "vergeet" om ons toe te laat om ons ringe aan te sit met ons troue -hy het dit darem reggestel!
**Grootste ideaal bereik:** Vroegste ideaal: om eendag 'n skooljuffrou te wees.
**Gunsteling sprokieskarakter:** Garfield
**Ideale romantiese aand:** Rooi wyn; see; verskieslik Clifton en MY MAN.
**Hoe sou u uself beskryf:** Positief. - Ek kan - ek wil - ek sal!

## H. Jooste

**Vak:** Rekeningkunde
**Gunsteling kossoort:** 'n Behoorlike ontbyt
**Gunsteling drankie:** Tee
**Mooiste woorde ooit gehoor:** God het ons nie lief omdat ons kosbaar is nie. Ons is kosbaar omdat God ons liefhet.
**Gunsteling kleur:** Blou
**Gunsteling rolprent:** Sound of Music
**Gunsteling akteur:** Tom Selleck
**Gunsteling aktrise:** Julie Andrews
**How lyk u ideale man:** Iemand wat "volwasse" is, 'n verhouding met die Here het, vir my baie lief is, vir wie ek sal kan bederf.
**Meer embarrassing moment:** Die dag toe ek my te pletter geval het, 6 trappe ver, ten aanskoue van baie mense.
Grootste ideaal - bereik/nie bereik nie: Om te kan skoolhou, sonder enige konflik situasie.
**Gunsteling sprokieskarakter:** Het nie regtig so iets nie.
Ideale romantiese aand: Piekniek op Bloubergstrand as dit volmaan is.
**Hoe sou u uself beskryf:** Positiewe lewensuitkyk, met baie, baie vrede, diep in my hart. Ek probeer om elke dag voluit te leef, en is baie lief vir mense.

## Mev. A. Celliers

**Vak:** Tik
**Gunsteling kossoort:** Griekse slaai en skaaptjops
**Gunsteling drankie:** Appelsap
**Mooiste woorde ooit gehoor:** Ek het jou lief
**Gunsteling kleur:** Turkoois
**Gunsteling rolprent:** Sound of Music
**Gunsteling akteur:** Sean Connery
**Gunsteling aktrise:** Julie Andrews
**Hoe lyk u ideale man:** Lank, donker met blou oë.
**Most embarrassing moment:** Val van die trappe af by die skool.
**Grootste ideaal - bereik / nie bereik:** Miljoenêr wat baie rondreis
**Gunsteling sprokieskarakter:** Liewe Heksie
**Ideale Romantiese aand:** Kerse, mooi musiek en goeie kos.


## M. Pretorius

**Vak:** English
**Gunsteling kossoort:** Lekker groente
**Gunsteling drankie:** Droë sjampanje
**Mooi woorde ooit gehoor:** Dat mense omgee
**Gunsteling kleur:** Blou
**Gunsteling rolprent:** Brave Heart
**Gunsteling akteur:** Kevin Costner/Kenneth Branagh
**Gunsteling aktrise:** Emma Thompson
**Hoe lyk u ideale man/vrou:** Lyk is nie die ding nie - alhoewel tall, dark and handsome 'n bonus is!
**Mees embarrasing moment:** Toe ek ewe niksvermoedend, voor 'n klas rondgetrippel het met onpaar skoene aan - dit was in my prille jeug.
**Grootste ideaal bereik:** Om 'n gesin te hê.
**Gunsteling sprokieskarakter:** Die prinse op hulle wit perde
**Ideale romantiese aand:** Nou sal ek ver terug in die geskiedenis moet gaan...
**Hoe sou u uself beskryf:** Iemand vir wie die lewe baie lekker is (daar's nie meer so baie tyd oor nie).

# Nuwelinge



*Mev. Lombard en klein Stefan*




*Anelle van Tonder*



*Mev. Marelise Greyling en Luzandi*





# St. 10-A



Voor v.l.n.r.: **Karen Coertze, Lize Blom, Mev. M. Oosthuizen, Mnr. C. Jansön, Mev. G. van Wyk, Antoinette Boshoff, Leoni Beirowski.**

2de ry: **David Bergman, Anita de Kock, Carien Bingle, Danette Beetge, Sybil Bouwer, Angelique Cerone, Melanie Bouwer, Karen Bosch, Bianca Beyleveldt, Pamela de Beer, Leon de Jager.**

3de ry: **Etienne Bouwer, Corne Cronje, Martin Coetzee, Riaan Bergh, Melanie Becker, Cobus Claassen, Marius Coertzen, Danie Conradie, Fonnie Coetzee.**

4de ry: **Jan Botha, Renier Bothma, Andries Coetsee, Frans Bezuidenhout, Mauritz Botha, Peet Botha, Stefan Coetzee, Johan Beukes, Dawid Breedt.**



# St. 10-B



Voor v.l.n.r: **Etene Engelbrecht, Chantal Gouws, Mnr. C. Jansön, Mev. M. Oosthuizen, Mnr. G. Roeloffze, Anel Fopma, Michelle Graaf.**

2de ry: **Riana Gerber, Anneke du Plessis, Charlotte Gerber, Theresa Hamman, Anneke Grobler, Charline du Plooy, Henriëtte Hobbs, Ineke du Toit, Liesl Dexter,**

3de ry: **Gerrit Fourie, Ferdi Gernandt, Suzelle Fourie, Marthie Fourie, Desireé Erasmus, Liezl Erasmus, Liezl du Plessis, Ian Grey, Wilko Heinze.**

4de ry: **Wynand Henderson, Jaco Fourie, Jannie du Randt, Louis Fourie, Jannie Engelbrecht, Richard Goodchild, Jaco Hoffman, Dionne Ferreira.**

# St. 10-C



1e Ry v.l.n.r: **Linda Liebetrau, Jolandi Janse van Vuuren, Mev. M. Oosthuizen, Mnr. C. Jansön, Mej. J. Kotzenberg, Olivia Kemp, Dominique Kruger.**

2e ry: **Johan Kriek, Selmarie Jacobs, Cornel Marais, Lizl Joosten, Corné Konigk, Luzanne Louw, Chrisna Louw, Zamin Janse van Rensburg, Lynette Lamprecht, Sandra Kurger, Naomi Laubscher, Emile Kleyn.**

3e ry: **Michelle Lubbe, Talana Lotz, Teresa le Roux, Yolanda Joubert, Emil Langenegger, Leon Kotze, Johan Klopper, Elbie Louw, Christa Loggenberg, Elizabeth Joubert, Sybrand Kurger.**

4e ry: **Jean Joubert, Abraham Klein, PC Luttig, Pierre Joubert, Johan Kruger, Thys Maartens, Theo Killian, Brenden Koekemoer, Willie Knoetze, Cobus Lausberg.**



# St. 10-D




Voor v.l.n.r: **Vera Potgieter, Adéle Olivier, mev. M. Oosthuizen, mnr. C. Jansön, mej. G. Kleynhans, Riaana Potgieter, Marinda Potgieter.**

2de ry: **Michelle Marais, Yvonne Pelser, Karine Minnie, Karlien Potgieter, Karin Oosthuizen, Marinda Nel, Yolande Pheiffer, Annelie Maritz, Ninette Mouton.**

3de ry: **Mareo Roelofse, Iwan Robbertse, Wilsey Maree, Lizelle Oosthuizen, Natasha Naude, Francois Oosthuysen, Anton Reinke, Cobus Reyneke.**

Agter: **Jaco Nel, Billy Palk, Dian Putter, Hendrik Nel, Wilfred Middleton, Jean Nel, Francois Neethling, Pieter Nieuwoudt.**

# St. 10-E



1st ry v.l.n.r: **Celeste van der Niet, Mariëtte Scholtz, Mev. M. Oosthuizen, Mnr. C. Jansön, Mev. D. Eloff, Jeanne Scholtz, Jeanette van den Berg.**

2de ry: **Hanlie Schutte, Liezel Terblanche, Qumi Smith, Lize van der Merwe, Anneke Swanepoel, Vanessa Swanepoel, Karen van der Merwe, Anneke Swanepoel, Vanessa Swanepoel, Karen Smith, Mandy Smuts, Mia Spies, Chris Rossouw.**

3de ry: **Hanjo Stander, Willem Scheepers, Nico Theart, Martin Schoeman, Jannie Steyl, Ettienne Terblanche, Anton van den Heever, Johan Roux, Callie Theron, Dehan van der Merwe.**

4de ry: **Werner van den Heever, Carel van der Merwe, Erich Schoeman, Pierre Theron, Robbie Steyn, Wimpie Stone, Nico van Burick, Mich Smit, Evert Schnettler.**



# St. 10-F



Voor v.l.n.r: **Barbara van Wyk, Karen van Straaten, Mev. M. Oosthuizen, Mnr. C . Jansön, Mev. M. Pretorius, Annamarie Vorster, Thalia v.d. Westhuizen**

2e ry: **El Mari Viljoen, Colette van Zyl, Lizl van Heerden, Zelda van Nieuwenhuizen, Lizl Volschenk, Charmyn Venter, Joretha Visser, Maryke Vermeulen, Marinda van Tonder, Chantal Willers, Elaine Visser.**

3e ry: **Jacques van Niekerk, Richardt Venter, Vincent Visagie, Andrew Varnfield, Fritz van Eeden, Jones van Staden, Stefan Vermaak, Cobus Visser, Pierro van Zyl.**

4de ry: **Cobus Vorster, Renier van Rooyen, Christi van der Westhuizen, Willem van Wyngaard, Pieter Wagenaar, Tjaart v.d. Walt, Martin Vorster, Adriaan Venter.**

# DJC:

## Herlewing in Eldoraigne

**_Nadia Landman_**

Vanaf 19 Augustus het die CSV letterlik gekook en die gene wat daar was, sal saamstem. Maandag het Handré sy DJC-span aan ons voorgestel en Donderdag was ons bedroef om van hulle afskeid te neem.

Woensdagaand was egter 'n belewenis soos nog nooit van tevore nie. Die aand het plegtig begin met die DJC-radiostasie met Benade en Morné as DJ's. Ongeveer 300 leerlinge het vir twee ure lank deelgeneem aan lofprysing en het ook na die tonele met verskeie boodskappe gekyk. Hennie het die volgende waarheid daaroor kwyt geraak: "Sê-christene maak nie die verskil nie, maar wel Doen-christene." Hulle boodskap is hoofsaaklik: "Leef jesus ! Leef Liefde ! Gee om vir mekaar, want Jesus vertrou op jou ! (Hennie) Herlewing in SA is in my en jou hande - dit begin by jou. Bring die Koning terug. (Handré)"

Oor DJC voel hulle almal dieselfde: dit is 'n roeping en God gee jou die krag om te volhard in Sy naam. Hy gee elke keer nuwe krag en moed om voort te gaan met môre. Een ding waaroor hulle egter spyt is, is dat daar altyd te min tyd is om werklik by kinders uit te kom en persoonlik met almal te gesels. Hulle wil graag sien hoe tieners begin opstaan vir God en herlewing bewerkstellig. Sunel sê dat jy net moet glo dat jy genoeg werd is, want jy is ! Joria stem saam: "Jy moet alles vir Hom gee, want Hy het alles vir jou gegee, tot sy lewe.

DJC get 'n verskil in Eldoraigne gemaak en ons CSV se leuse is nou meer as tevore:

***I don't really care if they label me a Jesus freak!***



Voor vlnr: ***Barbara van Wyk, Mnr A. Keun, Jean Scholtz, Mev R. Keun, Antoinette Boshoff***

2de ry: ***Lise-Marie Greyling, Odette van Zyl, Mandy Smuts, Wilko Heinze, Chrisna Mentz, Talita Kleyn, Luzanne Louw***

# Vat vyf CSV

Gedurende die week van 19-23 Augustus het die Diensjaar vir Christus-span ons skool besoek. Skielik het pouses nuwe betekenis gekry. Handré en sy span het elke pouse gebruik om weer 'n huppel in ons stap te sit. Met Benadé se musiek is talle na die saal gelok, alhoewel Morné vir baie meisies die trekpleister was.

Woensdag-aand het die span ons van huiswerk en toetse laat vergeet, met die beste Woensdag-aand vermaak naas Vetkoekpaleis ! Na die konsert het al die siele die innerlike versterk met 'n vleisie op die kole en 'n nie-alkoholisie gas koelie in die ander hand. 'n Paar manne het tussen die kouery deur nog tyd gekry om die rugbyseisoen finaal af te sluit. Waarvoor het 'n mens dan 'n *banner?*

Baie dankie aan die Jeugspan wat ons week en party se lewens weer die moeite werd gemaak het. Dankie aan Mnr Keun dat hy die reëlings getref het. Ons hoop hy maak binnekort weer so!

# God:

## feit of fiksie?

Bestaan God regtig? Of is Hy maar net iets wat 'n klomp mense in hul eie gedagtes uitgedink het? Dwarsdeur die geskiedenis het mense nou al met dié vraag geworstel. Die wetenskap leer dat elke gevolg 'n oorsaak het. Dinge skep nie bloot net hulleself nie. 'n Motor verskyn nie sommer net een dag uit dun lug nie, maar is die gevolg van ontwerpers, vervaardigers en werktuigkundiges se beplanning en harde werk.

Dit lyk asof die heelal soos massiewe opwen-horlosie besig is om af te loop. Wetenskaplikes sien dit as bewys dat die heelal 'n begin moes gehad het, maar wat kon hierdie oorsaak wees? Dink aan die ongelooflike kompleksiteit van die natuur rondom ons. Die kleinste eensellige organisme bevat genoeg komplekse inligting om volumes vol oor te skryf. Sulke geniale bouwerk kon nie sommer vanself gebeur het nie. Dit moet bewys lewer van 'n intelligente wese wat agter dit alles staan. Die kanse dat die heelal per ongeluk tot stand gekom het, is omtrent dieselfde as dat 'n ontploffing in die biblioteek verantwoordelik was vir die totstandkoming van die Oxford Dictionary.

As 'n mens na die heelal kyk, kan jy nie anders as om te erken dat iemand verantwoordelik moes wees vir die skepping daarvan nie. Hierdie iemand ken ons as God. God wys homself aan ons deur Sy skepping, Sy woord en Sy seun, Jesus Christus, wat juis aarde toe gekom het sodat ons vir God beter kan leer ken. Het jy al gebruik gemaak van die geleentheid om die Skepper van die heelal persoonlik te ontmoet? Indien nie - Hy wag vir jou en wil vreeslik graag met jou gesels. Moenie hierdie ongelooflike geleentheid deur jou vingers laat glip nie!!

***Aangepas uit "Youth Walk Devotional Bible" - Walk Thru the Bible Ministries***





# Leerlingraad 1996



Voor v.l.n.r: **_Riana Gerber, Vera Potgieter, Lizl van Heerden, Mnr. F. Roos (Hoof), Billy Palk, Chris Rossouw, Stefan Vermaak_**

2de ry: **_Talana Lotz, Natasha Naude, Karen Smith, Charlotte Gerber, Luzanne Louw, Anneke Grobler, Linda Liebetrau, Angelique Cerone, Joreta Visser, Karen Coertze, Zamin J. van Rensburg, Lize vd. Merwe, Sandra Kruger, Mnr. H. Olivier._**

3de ry: **_Pierre Joubert, Ian Grey, Fritz van Eeden, Yvonne Pelser, Lize vd. Merwe, Desiree Erasmus, Bianca Beyleveldt, Qumi Smith, Elbie Louw, Ferdi Gernandt, Dian Putter, Hanjo Stander_**

4de ry: **_David Bergman,Christie v.d. Westhuizen, Ewert Schnettler, Francois Neethling, PC Luttig, Pierro van Zyl, Dawid Breed, Brenden Koekemoer, Leon de Jager, Martin Vorster._**

**_Lizl van Heerden_**

Julle mag ons dalk gou vergeet
Ons sal julle altyd onthou.
Of ons in al ons doelwitte geslaag het, weet ons nie
Ons het ten minste ons bes probeer
Ons het 'n ou hoof afgestaan
En laat 'n mooi nuwe persoon agter
Ons het weë gebaan
Julle moet dit nou verder verken
Ons het eksamen geskryf
Nou moet die onderwysers net asseblief mooi merk!
Ons het 'n bloekombos gekry
Dit is antwortel
Ons het geplant
Julle moet nou natmaak
Ons het soms droggemaak
Julle moet asseblief veranwoordelik wees
Ons laat julle in weemoed agter
Julle moet met vreugde verder gaan
Ons moet julle waarsku:
Sulke helder sterre soos ons sal julle nie sommer weer kry!
Ons matriekjaar is nou na die maan
Reik julle na die sterre en vervul jul roeping



# Leerlingraad 1997



makro SA
HIGHVELD
**Support Makro to improve your childs education**
*Contact your school for further details*

# Die kultuursterre van die toekoms



aniki

Voor vlnr: **Karen Coertze, Lehana Langenhoven, Nadia Peens, Mariëtte Scholtz, Tanya Smith**
2de ry: **Mej. M. van Dyk, Ferdi Gernandt, Neil Wood, Lani Grey, Anneke du Plessis, Riana Gerber, Leandri Hattingh, Corné Cronje, Richardt Venter.**
3de ry: **Jackie de Wet, Morné van Heerden, Cassie Carstens, Kobus Lausberg, Dawid Breedt, Wilfred Middleton, Jacques Opperman.**

Ons het 'n uiters talentvolle groepie leerlinge in ons skool naamlik die kultuurkenners. Mens kan hulle nie uitken tussen ander nie, maar gewoonlik in Meimaand, is daar spesiaal vir hulle 'n selfverrykende geleentheid naamlik die Kultuurweek.

Verder is daar vir hierdie spesie geen beskrywing nie, so ons verskaf slegs die wenners van hierdie spesiale week:



| | | |
|---|---|---|
| Akteur | | Dawid Breedt |
| Byspeler | | Mariëtte Scholtz |
| Regisseur | | Ferdi Gernandt |
| Klavier - klassiek | | Karen Coertze |
| Ander instrumente - klassiek | | Morne van Heerden |
| Instrumentaal - ligte musiek | | Richardt Venter |
| Instrumentaal - ensemble | (klassiek) | Ligte orkes |
| | (ligte musiek) | Jannie, Richardt, Lani, Lehana, Morne |
| Eie komposisie | | Nadia Peens |
| Sangsolo | (met mikrofoon) | Mari Kloppers |
| | (sonder mikrofoon) | Cassie Carstens |
| | (oop-luisterlied) | Neil Wood |
| Sang ensemble | (mikrofoon) | Cantare-groep |
| Spraakkuns | (poësie) | Riana Gerber |
| | (prosa) | Riana Gerber |
| Monoloog | | Ferdi Gernandt |
| Groepe | | Final Sacrifice |
| Oop-Afdeling | | Wilfred en Jackie |
| Kuns | (leerling) | Corne Cronje |
| Kuns | (leerling) | Corne Cronje |
| | (nie leerling) | Jacques Opperman |
| | (driedimensioneel) | Leandri Hattingh |
| Skryfkuns | (Poësie) | Leigh Franck |
| | Prosa) | Karen Coertze |
| | (Eenbedryf) | Anneke du Plessis |





*Eldoraigne Koor*

Voor vlnr: **Rudi Heystek, Tiaan Kruger, Christi Thirion, Danie Vermaak, Roelof Coertze**
2de Ry: **Nadia Peens, Michelle vd. Westhuizen, Anel Fopma, Mev Elna vd. Merwe, Julene Botes, Mev Elize Maré, Marjorie Wood, Zandi Visagie, Heleen Malan**
3de ry: **Leon Kotze, Lise-Marié Greyling, Anel Bezuidenhout, Reneé de Wet, Christelle Grobbelaar, Melanie van Zyl, Esti Jordaan, Lauren Luldoe, Jeanne Scholtz, Lizel Buys, Jana Brown, Karen Coertje, Izelle W iese, Stefen Carstens.**
4de ry: **Stefan Vermaak, Wouter Cromhout, Ray Smith, Rachel Knoetze, Anneli Obermeyer, Denise Thomas, Gretchen de Bruyn, Cindy Watson, Sonja Lötter, Irené du Toit, Francois Oosthuizen, Corné de Klerk, Tristan Heinze, Etienne Oosthuizen, Henk Fourie, Willem Knoetze, Carel vd. Merwe, Johan Carstens.**

# Engelstemme
## sak ons toe

aniki

"Die koor oefen vanaand om halfsewe in die musiekklas". Dis al wat die gemiddelde Eldoraigner van ons goue stemme weet. Maar staan terug, want hierdie span het vanjaar twee goue sertifikate verower.

No 1 - By die ATKV applous kompetisie
No 2 - By die Verwoerdburgse kunswedstryd

So, as jy lus voel om volgende jaar soos 'n vergulde mens te voel, hou 'n geoefende oortjie oop vir die noem van die oudisies!



# Eldo's reik na die sterre

In Eldoland is daar 3 goue stemme wat geskitter het tydens die "Reik na die sterre" Nasionale Sangkompetisie. Tanya Smith, Neil Wood en Ferdi Gernandt is as semi-finaliste aangewys uit 700 deelnemers landswyd. Tanya en Ferdi het almal se harte bekoor met hulle duet "L.O.V.E." Neil het Bryan Adams gespeel met sy solo "Summer of "69", en Ferdi het gekook met "Never gonna give you up".

# 'n **Musikale** oor(winning)

## Filharmonies.

Woordeboek-definisie: met liefde vir die toonkuns (nie tone aan voete maar wel die van musikale aard).

Dus kan mens net aflei dat 'n filharmoniese orkes bestaan uit mense wat regtig omgee vir hulle musiek en daarvan 'n volkome liefdestaak maak.

Dit is ook die geval met die leerlinge van ons skool wat lede is van die gesogte Filharmoniese orkes. Die lede van die orkes neem elkeen aan 'n oudisie deel waar hulle dan uit 'n swerm hoopvolles gekeur word. Van daar af is dit dan harde sweet en tande kners soos daar geoefen en gespeel word!

Die orkes het onlangs deelgeneem aan die Rentmeester Jeug Kunstefees in die Staatsteater. Alhoewel dit nie kompeterend van aard was, was dit vir die handjievol Eldo's voorwaar 'n fees der feeste en 'n geleentheid om net hulle beste voet (en musiek) voor te sit aan uitsoek musiekliefhebbers.


Die glorie en glans het egter vir sommige van die lede nie net daar gestop nie. Morne van Heerden (klarinet), Lehana Langehoven (klarinet), Richardt Venter (saxofoon) en Lani Grey (klarinet) het 'n kans gekry om hulle gewig in goud werd te wees vir Eldoraigne. Hulle het 2-5 Augustus as 'n ensemble aan die Tygerbergse Fanfare deelgeneem in die Kaap.

Dit was 'n internasionale kompetisie waar skole en universiteite van regoor die wêreld deelgeneem het. Maar, weereens het Eldoraigne nie met leë hande die uitlanders agtergelaat nie. Hulle het met 'n baie trotse derde plek teruggekom Gauteng toe!

Baie geluk aan die musikale bevoordeeldes van Eldoraigne (en hulle briljante afrigters) met julle puik prestasie!!!



Voor vlnr: ***Lehana Langenhoven, Lani Grey, Aletta Marais***
2de ry: ***Jannie Engelbrecht, Morné van Heerden, Richardt Venter, Neil Wood***



## **Susters van** die koning en ek

Almal van julle wat so bevoorreg was om die pragtige toneelstuk, The King and I, te kon gaan kyk (te danke aan Mev. du Plooy), het redelik verwonderd die Staatsteater verlaat. Want was daar of was daar nie twee bekende gesiggies in die orkes nie?

Daar was! Die twee sussies, Madeleen en Aletta Marais, het altwee 'n plek in die orkes gekry nadat hulle vir oudisies by Truk gegaan het.

Aletta (st. 8) het viool gespeel en Madeleen (st. 10) het die tjello gespeel. Hulle altwee het die twee maande in die orkes baie geniet en dit as een van die beste ervarings van hul lewens bestempel.

Baie geluk aan altwee van hulle en sterkte aan Madeleen wat later vanjaar aan 'n kompetisie in Port Elizabeth gaan deelneem.



# **"Hands Off"** van Ekwa!!

"Ma! Maa! Kom kyk gou!"

Dit was 'n menigte van ons se reaksie toe ons skielik ses baie bekende gesiggies op ons gunsteling kassie gewaar het.


Wat het hulle gedoen? GESING!!!


Die ses is die ses lede van die groep Ekwa (wat beteken: Een Koning Weet Alles). Willie en Rachel Knoetze, Madeleen en Aletta Marais, Ferdi Gernandt en Richard Venter, is die talentvolles wat die trots van Eldoraigne is.

Hulle is genader deur die Kinderbeskermingseenheid om 'n liedjie te skryf (met musiek) en dit dan te sing. Met ywerrige insette van al ses, het die baie treffende liedjie, Hands Off, sy verskyning gemaak.


Hulle het die voorreg gehad om hulle eie musiekvideo te maak (saam met 'n klomp oulike vyfjariges). Hulle het ook vir 'n onderhoud gegaan op Radio Rippel. Die video en die liedjie is al telkemale op televisie en radio gespeel en die groep het ook 'n optrede by Centurion Sentrum gehou.

Ekwa's...julle is voorwaar Eldoraigne se STERRE!!!



Voor vlnr: ***Ferdi Gernandt, Willie Knoetze, Richardt Venter***
2de ry: ***Rachel Knoetze, Aletta Marais***



# Standerd Nege

## S.A. Gildewenners

__Corné-Louise Bredenkamp__

Na vier jaar se ondervinding van groepredenaars, het die st.9-groep besef dat die kompetisie net strawwer word. Die meeste van ons werk al van st. 6 af saam en hierdie jaar het ons besluit, buig of bars, ons wil dié span wees!

Ons onderwerp was "'n klip in die bos" en ons het baie "brainstorming" gedoen om kreatief na hierdie onderwerp te kyk. Na 'n onmoontlike hoeveelheid ure se voorbereiding, het ons geseëvier en die beker voor 43 ander spanne se neuse weggeraap!!


"But victory was not yet fully accomplished. We still had the English section of the std 9 competition to worry about. Please note that we took part against English 1st language speakers, so our pronunciation had to be polished as well!

With our topic "History mirrors the mind of man" we conquered all the English teams and Hoërskool Eldoraigne once again won".

Drie van die bogenoemde span se lede was dieselfde as vir die Afrikaanse kompetisie, naamlik Mariëtte Visagie, Corne-Louise Bredenkamp en Niel Wood.

Johan Janse van Rensburg het later by ons aangesluit vir die Engelse afdeling en Ananda Blignaut vir die Afrikaanse afdeling.

Ons boodskap aan almal is: "sluit aan by die redenaars groepe en oorwin jouself deur kommunikasie!"



Voor vlnr: **Johan Janse v. Rensburg, Mev V. Ungerer, Neil Wood**
2de ry: **Mariëtte Visagie, Corné-Louise Bredenkamp**
Afwesig: **Annanda Blignaut.**



**Marelie de Witt, Denise Smit**

# Flinkdenkende babbelbekkies!

__aniki__

Ons skool se eie flinkdinkers, Marelie en Denise was standerdwenners in Eldoraigne se interne redenaarskompetisie. Die tweetjies is hierna na die streeksuitdunne en ongelukkig het Marelie uitgeval, maar ons eie Mej. Eldoraigne het hierna deurgegaan na die landswye finaal. Slegs tien leerlinge vanoor die hele land dring deur en sy was die enigste standerd agt teenwoordig. Dit maak haar die jongste deelnemer. Sy het ongelukkig nie gewen nie, maar as jy ingedagte hou dat die kompetisie nie net 'n voorbereide maar ook 'n onvoorbereide toespraak insluit, om hul redevoerende kwaliteite te bepaal, kan jy nie anders as om op haar trots te wees nie.



# Briljante redenaars


__Danette__

Vra jy vir Mev. Taylor uit oor haar debatspanne, helder haar oë op en haar gesig skitter. Hulle is, volgens haar, perfekte kandidate om na haar hand te leer vir daardie perfekte oorwinning, (daardeur word die afwesigheid van matrieks en neges ook verklaar).

Die debateerders in die skool is daardie groepie kinders waarmee jy nooit 'n stryery sal begin nie. Hulle sal so oortuigend met jou "gesels" dat jy naderhand sal glo dat jou worshond eintlik jou alter-ego is! En daardie Afrikaans en Engelse mondeling periodes (wat ons almal in panieksweet verdrink), is vir hulle maar net nog 'n gesprekkie. Teen die tyd wat hulle matriek haal, word daar letterlik baklei om net een van hulle in jou mondeling-eksamen groep te hê! (Glo my, dit help.)

Die kandidate vir jou nuwe vriendekring is dus niemand beters as die drie debatspanne wat onlangs aan die Rapportryers-debatskompetisie deelgeneem het nie. De Wet Burger en Regard van Wyk (st. 6-span), Simon Streiger en Riani van Zyl (st. 7-span), Tarina van Dyk en Henko de Wet (st. 8-span), het hulself briljant van hulle taak gekwyt en deur hulle gebabbel Eldoraigne se naam hemelhoog gehou.

Die redaksie wens die St.8-span baie geluk met hulle oorwinning as streekwenners asook die res, met hulle voortreflikheid as Eldo's se babbelbekkies.



Voor vlnr: ***Riani van Zyl (St. 7-span), Simon Streicher (St. 7-span), Tharina van Dyk (St. 8-span)***
2de ry: ***De Wet Burger (st. 6-span), Regardt van Wyk (st. 6-span), Henko de Wet (st. 8-span).***



*Debatspan*

**Tharina van Dyk en Henko de Wet.**

**FOTO WIZZ**
3 Wierda Mall
Koedoe Straat
Tel: 660-0185
**U fotografie laboratorium in Wierda Park**



# Vincent van Goch
## deur die oë van Riana

Riana Gerber, Matriek. Digteres. Trots van Eldoraigne. Haar pragtige gedig, selfportret deur Vincent van Gogh, is onlangs gekies om gepubliseer te word in die tydskrif, Poort. Haar gedig sal volgende jaar verskyn in die tydskrif wat geselekteerde prosa en poësie van hoërskoolleerlinge publiseer. Riana het ons egter toestemming gegee om die gedig vir die ontwikkeling van Eldoraigne se poësie siele, te publiseer.

**Selfportret deur Vincent van Gogh**

"For an artist death is not, perhaps the hardest thing to bear."
- Vincent van Gogh -

Jy het hulle toe gepluk -
die geknakte stamme
aan jou bors gedruk
en liefdevol toegekyk...

Hulle vingers raak-raak
aan die son
weerkaats sonneblomgeel
terug.

Maar êrens woed 'n storm
deur die sipreslaning om
jou hart.

Desperaat
kap jy
af.
'n Bloeddruppel
val
Met seker hand verbind
jy.

Die verband sirkel
op melkwegweë
bring sy nagtelike ure
deur in die geselskap
van sterreprag.

Emosiebelaai, onbeheerbaar
breek die water
oor die keerwal

Dan is dit stil - doodstil.


Strooihalms swik onder
die asem van
die wind.

'n Straaltjie bloed kruip
oor vrugbare grond

en die lug is pikswart
van die kraaie.


# Slim? Nee..briljant!!

***Danette***



Van die intellegentste seuns in ons skool is daardie twee slimkoppe in matriek (natuurlik) wat ons almal maklik onder die stof in kan dink. Francois Neethling en Danie Conradie is twee ouens wat jou koue rilling gee as daar skielik toetse uitgedeel word en jy weet...teen hulle lyk jou betreklike goeie 60% na 'n powere druippunt!!!

Francois en Danje gebruik egter hierdie talente van hulle baie produktief. Hulle het altwee onlangs aan 'n reeks olimpiades deelgeneem.



Francois - Hy het geskiedenis gemaak deur die eerste leerling in Eldoraigne te word wat vir die derde agtereenvolgende jaar deurgedring het na die derde rondte (finaal) van die Wiskunde Olimpiade. Hy is ook vir die tweede jaar lid van die Gauteng-Noord span vir Senior Wiskunde wat die 21 September teen ander provinsies deelgeneem het. Daarby het hy ook na die tweede rondte van die Wetenskapolimpiade deurgedring!

Danie - Hy het deurgedring tot die tweede rondte van die Wiskunde Olimpiade. Hy het ook deelgeneem aan die Wetenskap Olimpiade en vanaf 25-29 September in Kaapstad aan die Rekenaarolimpiade finaal.

Baie geluk aan julle twee IK -boffins, julle is die trots van Eldo-matrieks!!

# Trompoppies se driekuns



Voor vlnr: ***Estelle Fourie, Wilma vd Berg, Nicolene de Beer, Grizelda Hattingh, Suzanne Theart, Christel Janse v. Rensburg, Marileen Lessing (hoof subvlag), Vera Potgieter (Hoofleidster), Hilanie Hoffman, Minette Groue, Christine Brunzlaff, Sonja Stehlik, Michelle Boshoff, Vanessa Cronjé, Mev M. Bezuidenhout (afrigter), Drummie.***

Middel: ***Yolandé Jacobs, Suné Laubscher, Mari Cronje, Alé Joubert, Leonette Leuvennink, Natasha Briel, Marissa de Beer, Hanri Moller, Anneri Willemse, Janine Botha, Mart-Mari Viljoen, Lize Richards, Michelle Graaff, Maraliese Delport, Michelle Pretorius, Sumari le Roux, Isabel Lausberg.***

Derde ry: ***Charlotte Gerber, Tanya Deetlefs, Dolene Fourie, Marlene Swart, Yvette Erasmus, Rozelle Leuvennink, Antoinette Boshoff.***

Vierde ry: ***Adrie Brits, Heila vd. Berg, Sunél Ferreira, Anel Fourie, Michelle Lindeque, Elbie Postma, Benita Beeter, Karin Bosch, Jeanne Greeff.***

Afwesig: ***Elaine Boshoff (hoofvlag), Cornel Bezuidenhout en Nicola Pretorius (afrigters)***

Eldoraigne is in 1996 vir die derde agtereenvolgende jaar gekroon as die Provinsiale kampioene, tydens die Provinsiale Kampioenskappe wat op 14 September 1996 gehou is.



Tydens die kampioenskappe, behaal ons uniforms en sub-leidsters 'n eerste plek, en ons vlae en props 'n tweede plek.


Vera Potgieter, ons hoofleidster, verower die trofee vir die beste hoofleidster van die liga. Sy was ook vanjaar die voorsitter van die Gauteng Hoofleidsters. Vera behaal vanjaar 7 eerste plekke op die ligakompetisies.

Die span het vanjaar 5 ligakompetisies gewen, 'n Springbok opgelewer (Zamin Janse van Rensburg) en het na die SA Kampioenskappe in Port Elizabeth vanaf 28 September tot 6 Oktober deelgeneem. By die SA Kampioenskappe het hulle soos volg geeiendig: algeheel 6e, hoofleiers 6e, subleiers 4e en vlae en props 3e.

Die bestuurder van die span, en een van die afrigters Cornél Bezuidenhout, dien op die Gauteng Trompoppie Vereniging se uitvoerende bestuur, in die portefeulje van onder-voorsitter.



















# Mej Top Tiener

Brenda-Lee Barnes was mej. Top Tiener 1995 - 1996. Eldo-in-Druk het haar oor haar wedervaringe die afgelope jaar uitgevra.

"Dit was 'n wonderlike ondervinding en 'n uitstekende uitdaging. Die jaar het vir my gevlieg, maar die herinneringe sal verewig bewaar bly. Tye saam met bekende mense, onder andere mej. en mnr. Suid-Afrika was besonder aangenaam en ek het dit baie waardeer. Die belangrikste was egter dat ek 'n geleentheid gegun was om groot dinge in my gemeenskap te vermag. Ek was by alle geleenthede met respek en hope lojaliteit behandel. My jaar was great!"

Met Brenda se vriendelike persoonlikheid en talent sal daar definitief in die toekoms meer van haar gehoor word. Sy word baie sterk te toegewens.

Brenda & Leigh



# HOP

## vir sukses en 'n gesonde gestel

**Feit:** HOP maak ons huishoudster geweldig opgewonde, sy kry mos nou 'n nuwe huis, al wag sy nou 2 jaar daarvoor. Hoeveel huise is al voltooi in die HOP program?

**Feit:** Oortolligverklaardes gryp wanhopig na HOP of is dit hops? Die soort wat in bruin botteltjies van die brouerye af kom wanneer hulle veilige vestings in die arbeidsmark beroof en depressie, drankmisbruik en dronkverdriet hul voorland is. HOP en belasting, dis mos deesdae die wet van Gauteng.

**Feit:** HOP het 'n akroniem in die volksmond van ons dierbare dinamiese veranderende SA geword.

D & H dis goed en reg dat HOP in SA sy bokspringe maak. Heropbou en ontwikkeling moet tog plaasvind, maar hoe kan 'n mens self daarby baat vind.

Wat van 'n dosis heropbou en ontwikkeling om die innerlike gees te versterk, volspoed vorentoe te leef, die lewe raak te leef en om sukses en vervulling te smaak.

Mense is besmet met 'n traak-my-nie-agtige virus van belangeloosheid en apatie. Wat is nodig vir genesing?

Eerstens 'n helende teenmiddel in die vorm van 'n HOP inspuiting.

**Herondek onbenutte potensiaal**

Mense word geesdriftig, nuuskierig en kreatief gebore, maar so dikwels oppad na volwassenheid verflou die geesdrif en verdwyn die kreatiwiteit. Die wil om die brein ten volle te benut ontbreek dikwels aldus dr. Kobus Neethling, navorser op die gebied van breinontwikkeling. Volgens hom funksioneer 98% kleuters en slegs 2% volwassenes volgens hulle optimale potensiaal.

Herontdek die onbenutte potensiaal. In elkeen van ons lê daar 'n kragbron opgesluit, 'n potensiële son, met genoeg energie om die hele wêreld te bestraal vir maksimale welvaart.

In die woorde van Leo Buscalia" "As jy dit kan droom, kan jy dit doen, jy kán 'n verskil maak!"

Die virus verswak. Die opvolgbehandeling HOP is: Handhaaf optimale produktiwiteit te middel van die werkloosheid, wankelende ekonomieë, watersnood en geweld.

*Hoe kan ek 'n verskil maak?* Wees 'n entrepeneur, koop die tyd uit, vat raak, vat reg, en lewer optimale produksie.

Grayam Greyson stel dit soos volg: "Sukses hou daarvan om 'n mens te sien werk, hy hou van sweet, vermoeiendheid en self opoffering. Sukses word nie gevind in paleise nie, maar op koringlande, in fabrieke en by oorlaaide skryftafels. Sukses kroon die hoof van die besige mens.

Die virus is HOP-geslaan. Nou nog net vir die uitklophou, vir 'n gestel wat werk, woeker en wen is uit H, uit O, en uit P net die antwoord.

**Humor en optimisme vir prestasie.**

Kan u meneer, mevrou, eerlik en opreg bevestig, dat u 'n dag se werk suksesvol afhandel, produktief is en u potensiaal ten volle ontgun terwyl u dikmond, depressiewe gedagtes kweek?

Positiewe denke is een van die onontbeerlikste eienskappe van 'n gewoonte presteerder. En dit is nie net Norman Vincent Peal wat so reken in sy boek "The power of positive thinking" nie. Talle wysgere, sielkundiges en suksesvolle Sarels onderskryf die feit.

Gee daarom vir my die vrolike vlam van Langenhoven wat klop en kraak dis hy wat sy taak tot vermaaklikheid maak en sy swaarkry, met lekkerkry klaarkry.

Humor verdryf pessimisme, vra maar vir enige blondine en maak die lewe smaaklik, dit veroorsaak 'n lekker kry lag wat oor die hele lyf te sien is en gou voel jy weer volkome mens.

D&H bou daardie trae gemoedere weer op. Ontwikkel, wees dinamies. Gebruik u potensiaal, wees produktief, presteer.

Dus kry die inspuiting, gebruik die salf, drink die vitamine en kom hop saam - voorwaarts tot in die 21ste eeu.

VALHALLA NISSAN
SALES
PARTS
SERVICE
NISSAN
24 Broadway East Valhalla
Tel: 654-6698 or 654-7244
Fax: 654-1887
Fiat

# Presidentsverkenners



Voor vlnr: ***Lizl van Heerden, Luzanne Louw (PV), Karin Bosch.***
2de ry: ***Francois Oosthuizen (PV), Stefan Coetzee (PV), Nico Theart, Wilko Heinze (PV), Mauritz Botha (PV).***

<u>**Hanli**</u>

Ons skool kan bevoorreg wees deur 5 matriekleerlinge as PV's te hê, en een Hoofleierswag. Luzanna Louw, Stefan Coetzee, Mauritz Botha, Francois Oosthuizen, Wilko Heinze, Karin Bosch (Hoofleierswag)

Ek het met Luzanne en Karin onderhoude gevoer.

**Hoe lank is jy al 'n Voortrekker?**
**Luzanne:** Van graad een af (12 jaar)
**Karin:** 8 jaar

**Wat het bepaal watter kinders op die PV-kamp was?**
**Luzanne:** Om te kwalifiseer moes jy eerstens in matriek wees. Daarna het ons April 'n toets geskryf wat bestaan het uit 'n hoofleierswag- (grotendeels feite en werk wat ons deur die jare geleer het) en PV-afdeling (toepassing op alledaagse lewe van waarde). Om vir 'n PV in aanmerking te kom, moes jy 'n sekere persentasie vir die HW-afdeling kry, dan merk hulle eers die PV-afdeling. Jou punte by die afdeling het dus bepaal of jy na die kamp genooi word.

**Waar en wanneer was die kamp?**
**Karin:** Die kamp was die eerste 4 dae van die Julie skoolvakansie en dit was op die Molotto pad uit. (Ek was self nie seker oor waar presies ek was nie).

Wat het die kamp behels?
**Luzanne:** Op die kamp is ons leierskap op sosiale en formele vlak getoets. Ons moes speletjies aanbied, besprekings lei, ens. Jy het ook persoonlike onderhoude deurgegaan. Oral was Toets Offisiere. Op die kamp moes jy by elke toets 'n sekere persentasie kry om PV te word.
**Karin:** Die kamp het dinge behels soos praktiese leierskap, volkstrots leiding ens. Ons is op verskeie vlakke getoets. Jy moes jou standpunt voor 'n paneel toetsbeamptes kon stel. Daarna het hulle jou met vrae gepeper om jou van stryk af te bring, maar solank jy by jou standpunt gebly het, was jy veilig. Jy moes 'n taak inhandig oor die Afrikaanse Taal, 'n volksheld of monument wat vir die toetsbeamptes 'n aanknopingspunt gegee het om jou vrae te vra oor jou volkstrots.

**Wat beteken dit om 'n PV kandidaat te wees?**
**Karin:** Dit is 'n baie groot eer, omdat dit letterlik die room van die land se Voortrekkers is en jy is 'n PV kandidaat omdat jy as 'n leier geïdentifiseer is.

Hoe kan die feit dat jy 'n PV is, jou in jou lewe beïnvloed?
**Luzanne:** Die kennis wat jy opdoen, die lewensondervinding help jou elke dag. Die feit dat jy die toekenning het, kan vir jou 'n beurs besorg en dit is 'n leierskap-posisie wat relatief hoog aangeskryf word.



# Suid-Afrika

Op 27 April 1994 sterf jy pynlik
toegedraai soos 'n mummie in
kleure van orange, blanje, blou.

Jou stem sterf weg onder die ruising
in 'n verkiesingsaal
en jou voetpaaie wat ons moes
bewandel word toegegooi met
sand van vernuwing

Maar op die derde dag
staan jy op uit die
dood
tree uit die stryd
as oorwinnaar
met 'n nuwe baadjie aan

Jou bloedrooi stem klink
helder oor die groen vlaktes
van wit en swart mensheid,
met 'n potblou glimlag bid jy in
elf stemme dat son oor jou
kinders sal skyn.

Nkosi Sikeleli Africa
Ons sal lewe
Ons sal sterwe
Ons vir jou
Suid-Afrika

Riana Gerber



# Eldo-poësie

## Tasbare **verborgenheid**

Die geribte truie
van die mielielande
die groen grys stroke
oor die dorre
verbrande begraafplase
stry om lewe

'n voël stryk neer
op die dwarsrye
wat skielik verander
in bos
terwyl
ons
verbyry
na die sekuriteit
van kokonlewe

almal onder een groot
hemeldak
rooi vuurpyle sonder
brandstof
saadpeule soos gekurfte
swaarde
sonder veglus
'n sonneblom draai haar
gesig na haar heerser
haar Skepper bly
onsigbaar
verborge

bome soos pedimente in 'n
riviervlakte
die tasbare
sigbare
gedeeltes van die lewe
sal altyd in
aanvraag wees

Leigh Franck

# Eldo-poësie

# Ou Oom

In 'n oogwink het ons verby
jou gery,
ou oom
waar jy op jou stoep sit.
'n Breukdeel-sekond het jou vreemdeling oë my vasgevang
in jou onbekende lewe;
en jy het verstaan.

Jou baie jare lag vir my onkunde,
jou wysheid wag geduldig op my,
ek hoop en bid net
dat ek eendag,
oud en afgeleef,
as ek die wêreld vir nog 'n paar
keer betrag,

kan glimlag.....

Leigh Franck

# Haiko's

1. Goue draadjies son
skitter op 'n blommefees
wat ontvanklik wag

2. Ongeskonde mooi
rooigekuste roos "bloeisels"
glimlag vroegmôre

3. Agt klein swart pootjies
kruip oor die bruin baksteenmuur...
'n Spinnekoppie!

4. Vergrootglas van dou
verhelder spinnekop se
fyn spinnedrade

***J.M. Vermeulen***

# Die laaste rooi roos van die seisoen

Die laaste rooi roos van die seisoen is besig om
Te verdor,
En die verlange lê nog rou in my wese,
En die smagtende gevoel om met jou te praat...
Maar geen telefoon of brief kan daardie wens
Bewaarheid nie...
Want soos gras het jy in die vroeë oggend - ure,
Daar in die hospitaal verdor,
Om jou God te gaan ontmoet op die stadspleine.
Net 'n graf is daar om by te gaan kniel,
En dan met jou te praat.
Maar vandag kan ek die laaste rooi roos...
Van die seisoen aan jou opdra:
Aan jou liefde verstaan en hulp,
Want soos daardie roos het jy
Aan die lewe bly klou, om bo uit te kom,
Maar jou liggaam was stukkend en het
Gesmag na daardie hemelse vrede,
Elke rooi roos wat ek sien sal my
Aan jou herinner...
Veral daardie laaste rooi roos.

***Nadia Landman***



# Jy, ek, ons

Jy, ek, ons
volledig apart
in tweevoud alleen

Jy daar ver
ek hier naby
ons in middeweg saam

Jy voel lewend
ek voel dood
saam in ewigheid gebind

***Anneke du Plessis***



ELWIERDA
TOERE • TOURS

DIE WENNER SE KEUSE
THE WINNER'S CHOICE



- LUUKSE LANDWYE-TOERE
- OPVOEDKUNDIGE-TOERE
- HUUR VAN BUSSE
- SPORT-TOERE
- STAD-TOERE
- UITSTAPPIES
- DAG-TOERE

- LUXURY COUNTRY-WIDE TOURS
- EDUCATIONAL TOURS
- HIRING OF BUSES
- SPORT TOURS
- CITY TOURS
- PLEASURE TRIPS
- DAY TOURS

ELWIERDA
TOERE • TOURS

LID VAN SATSA MEMBER

# **Voorgeskrewe** ongeskrewe reëls

Neem 'n oomblik om terug te sit en oor die volgende te dink:

Waar het jy, as individu, geleer om toemond te kou, tande te borsel, nie met 'n mond vol kos te praat nie?

Nee, hierdie is nie 'n sentimentele dankie nie, dis 'n vraag oor voorgeskrewe ongeskrewe reëls. Dinge wat ek en jy as vanselfsprekend aanvaar, oordra aan ander en nooit rêrig aan dink nie.

Stel jouself voor jy sit by 'n beeldskone metgesel in 'n baie eksklusiewe restaurant en hy/sy begin diamante delf in die allerbekende goudmyn of die persoon trek sy skoene uit en sit hulle op die tafel.

So iets gebeur nooit nie, want ons in die samelewing, (beskawing) noem dit wat jy wil, word van jongs af geleer om dit nie te doen nie. Maar dit is dan nêrens neergeskryf nie en jy kan nie onthou dat jou ouers jou by die "Etiketklub" gaan aflaai het een middag nie. Dus, waar leer ons dit en hoe weet ek dat ek al die nodige inligting het?

Moet asseblief nie paniekstasies slaan nie, want ek is seker iewers het jou ouers jou die dinge geleer. Jy kan dit net nie onthou nie, want niemand kry 'n "crash-course" nie. Met tyd leer hulle jou met watter mes en vurk jy moet eet, waaroor jy met vreemdes en nie-vreemdes moet gesels en wanneer jy genoeg gehad het.

Ek persoonlik het net een vraag: dinge wat dalk dertig jaar terug hoogs onaanvaarbaar was, is nou meer aanvaarbaar, so hoe weet jy, dat dit wat jy geleer verkeerd is, nou reg is?

Deurmekaar. Goed, kom ek stel dit anders. Dinge wat jou ouers nie beskore was nie, soos TV en by vriende kuier tot laatnag, is vir party ouers onvanpas terwyl ander ouers geen probleem daarmee het nie. Ek kan ook sê dat jou ouers se opvoeding die waarde-sisteem bepaal waarvolgens hulle jou gaan opvoed. Dit is dan ook die hoofoorsaak vir die oorvloed van moet's en moenie's.

# Eksamenvlaters

My sussie het baie selfversekerd op kleuterskool gevorder

Trane van verlange brand slote in my wange



Die seuns het hul oë begin ontwikkel.

Rustigheid klouter teen my been op en vind 'n lêplekkie op my skoot

My tande lewe swaar om die gil wat vlak in my keel sit te tem.

Die wolke was besig om vreeslik te lek.

Die kapatertjies sit voor in die bus en loer vir die bakvissies.

Met 'n fyn oor kan jy die geklik-klik van vrouens se skoene hoor, wat sonder sole is.

Die bulderende stem klief deur die oranje skade van die son.

Die ruiter is 'n lang man met 'n hoed en afgesonderde oë.

Die aankomende figuur prik hewig my oog en ek draai my visuele sodat ek 'n beter beeld kan kry.

Die man glimlag asof sy tande hom brand.

Sy oë deurboor my skraal liggaam en brand in die muur agter my vas.

Hy haal twee grenate uit - een vir rook en een vir skrapnel.

Hy swaai om en die bottel rooiwyn begroet sy oor.

Die vrou loop eerste deur die deur.

Hoendervleis pak my lang, maer bene beet.

Die worshond het twee worsies gekry.

Die meisies sit met twee diamantkrabbertjies en 'n bolletjie in elke oor.

Die neusvleuels word gewapper, die monde getuit, nek en lippies styf gepers...vir die mees horribaalste gesigtrekkings moontlik.


Hoeveel mense gaan hierdie feestyd in 'n hospitaalbed of nog erger, in 'n graf deurbring?

Padmisbruikers is daardie persone wat voor 'n mens insny en dan nog op die horing lê, omdat jy dit dit durf waag om so naby aan hulle agterstewe te ry.

Wat die kultuur betref, is jeugmisdaad besig om ons hoofbrekens te besorg.

'n Onheilspellende gevoel het teen my verbygeskuur.





Hy is 'n hedendaagse sportspeler.

Hy is nie sportief gebou nie.

Hoog, ja baie hoog toring hy uit bo elkander.

Sy was 'n feë prinses ek ek 'n jong ridder besope met die liefde.

Tans Susare het 'n lyf soos 'n os.

Ek gaan na buite om my longe vol vars lug te pomp.

Die troukoek was drie verdiepings hoog.

Dit is asof die treine my gemoedsrus kalmeer.

Rugby is n kontaksport, maar die wyse waarop sommige spelers kontak maak, is onrusbarend.

Ek was van geboorte af in die hospitaal. Glo my, sonder vel, sonder hare ook.

Daar het omtrent 'n ding gekom van die bruilof. 'n Ding soos 'n bruidspaartjie.

Die dorpie het net een hoofstraat.

Daar is 'n pragtige, yslike kerk met mure uit moeder natuur se maag.

Die rangskikking het selfs die pronkende predikant oorskadu.

Ek sit op die rand van die met ouderdom deurdrenkte bed. Die vertrek smeul dofgrys.

Sy het 'n vriendelike, maar tog onheilspellende glimlag op haar gesig.

Die geur van varsgebakte brook het my luidkeels verwelkom.

Dié jaar het ek die karatekampioenskappe gewen, maar terselfdertyd my tand verloor.

Arme Larry lewe, maar dit sou beter gewees het as hy dood was, want sy skedel is geheel en al oorgerangskik. Gelukkig het sy een oog behou gebly en kon hy darem sien waar hy loop.

Terwyl die vliegtuig besig is om te val, werk twee mans buite op die vlerk aan die enjin.

Ek het rustig in die agterent van die vliegtuig gesit.

Met uitpeulende oë spring ek op die brieke.

Ek stuur skietgebedjies op asof dit uit die mode gaan.

Die aarde het die son nou vinnig begin insluk.

Die nag het die dag met verbasende spoed ingehaal.

Ek hoor 'n geblaas, 'n geskuifel en 'n vrot reuk.


Die jong meisies en tannies is buite hulleself van vrees. Party van die mans kan hulself ook nie meer inhou nie.

Ek weet nie of dit 'n koei of 'n bees is nie.

Drie is gewond met bytplekke.

Die son kruip met wellus oor die horison.

Die vlieënier het gesterf , maar die loods het bly lewe.



Die troukoek was in die vorm van Paul Kruger se kop.

Ja aag wat, wat sal 'n man sou sê? Trollie vir trollie stoot jy die jare weg uit die lewe.

Die bome het 'n treetjie agteruit gegee om plek te maak vir die donker wat verbykom.

Toe hy die Statebybel oopmaak, sit daar 'n koeël wat tot by Jesaja deurgedring het.

Die ongeluk het hom gehelp om homself, sy Skepper en sy verlore ribbebeen te vind.

Al wat ek soek is liefde, maar al wat ek kry is huiswerk.

Die jaagduiwels jaag by my verby en ek skrik my blaas vol borrels.

Die bejaardes is van die oudste mense in ons gemeenskap.

Hy is 'n vyfvoet vleispaleis.

Haar hele lyfie rittel soos sy haarself geniet.

Elkeen is verskillend, soos koek en kasterolie.

Die lug word deur stres besoedel.

Koue rillings en afgryslike lang hoendervleise hardloop teen my twee kort bene af.

Die meisie het dubbelbedboude.

# Kattestrofes

**Leigh Franck**

'n Bomdreigement, 'n toetsreeks, klasse wat oorstroom, die rekordeksamen, matriekafskeid en 'n kat in 'n boom!

Ja, op 4 September het 'n lid van ons skool se "wilde-"katfamilie (woonagtig op die houtwerkklasse se dakke) besluit om middagete in die doringboom voor mev. Lombaard se Biologieklas te nuttig.

Na "Duifdons-Alla-King"; uitgespreek oor die nes, het hy egter besef hy is gevang. Letterlik. Verskrik en verstrik in die boom het verskeie futiele reddingspogings deur van mev. Lombaard se brawe Biologieleerlinge, uitgeloop op die skakeling van die DBV.

Andries Venter het onder luide gejuig van die groeiende getal toeskouers by die skool opgedaag - SONDER 'n leer.

Die kat is uiteindelik half uit die boom geruk deur Andries op 'n kort leertjie (van iewers opgetower) en 'n vangstok. Die kat het verwilderd met 'n bloeiende skeur in die oor, 'n oopgerukte poot en verskeie dorings deur die skool gehardloop, teen 'n spoed wat 'n goue medalje naelloop atleet sal laat skaam kry.

Hierdie tragiese verhaal wat hom afgespeel het op 'n doodgewone dag in Eldoraigne, het geëndig toe die stoute kat in 'n stormwaterpyp spring, om in rus en vrede sy wonde te gaan lek...

# Glimlag-dag

**Corné-Louise Bredenkamp**

Wat is 'n foto sonder 'n glimlag? Wat is Eldoraigne sonder fotodag? Die vrae maal in my kop rond en ek wonder wat ek sonder hierdie eenmaal-in-'n-jaar geleentheid sou doen. Wel, vir eers sou dit die beeïndiging van 'n boek vol aangeplakte glimlagte beteken. Dit sou 'n dag vol geskarrel en chaos uitskakel, en almal sou in vrede kon skoolgaan. Boonop is dit gewoonlik jy wat per ongeluk jou oë knip as die foto geneem word.

Maar hierdie jaar se beroemde fotodag was buitengewoon rustig en georganiseerd. Jy het jou glimlaggie geglimlag en alles was sommer tjoef-tjaf verby. Van die biologie-klub foto's tot by die enkel foto's en die fotograwe was nog boonop in 'n goeie psigiese toestand toe hulle die skool verlaat.

Nee wat, Eldoraigne kan maar enige tyd weer 'n fotodag reël en al besef mens dit nie nou al nie, gaan daardie spesifieke foto waar jy jou oë geknip het, eendag nog soveel vir jou beteken. Mag fotodag in die toekoms net wonderlike herhinneringe aan die leerlinge van ons skool gee.

# 4 Eiers geskei

**Bestanddele**

- vierkant opening
- musiek
- 'n seremoniemeester
- mooi meisies
- Eldo man
- Eldo vrou

**Metode**

1. Meng die vierkant opening deeglik met die seremoniemeester.
2. Voeg die musiek en mooi meisies by.
3. Laat staan vir 5 minute
4. Voeg dan Eldo vrou by en ondervra haar deeglik oor Eldo man se musieksmaak
5. Meng Eldo man by en bak in lou-warm oond vir 15 minute

**Resultate**

Op die suksesvolle dag het ons 'n bietjie meer oor Eldo man uitgevind. Hy sal altyd jonk van gees bly, want "18 till I die" is sy gunsteling liedjie. As 'n mens so na Eldo vrou kyk weet ons ook dat hy van 'n mooi lyfie hou.

Eintlik word daar van die punt afgedwaal. Ons het Eldo man se verjaardag gevier, en ons held het nog meer harte gebreek en meer name op sy aanhangers lys gevoeg.

Veels geluk met jou verjaarsdag, mag daar nog vele meer wees!

Mic



# Eldoman **en Eldovrou**

**Eldoman is terug! Dalk in 'n nuwe gedaante maar tog met dieselfde gees. Al verskil wat saak maak is, dat daar vir 1996 saam met die nuwe Suid-Afrika, die nuwe grondwet en die nuwe volkslied ook 'n splinternuwe Eldo-vrou is om saam met Eldoman Eldoraigne se hero's te word.**

**• Hoe voel julle oor die skoolgees sover hierdie jaar?**

*Man:* So ver soos wat dit is

*Vrou:* Dit is fenominaal verby

**• Wat gaan julle probeer doen om dit te verbeter?**

M: Doen altyd jou huiswerk

**• Hoe voel julle oor julle nuwe aanstelling? Sou julle dit as 'n prestige-pos beskou?**

*M: Ja, ek voel bly. Nie sommer enigiemand kan Eldoman wees nie.*

*V: Ek is oorstelp met vreugde, want nou kan ek by my geliefde, Eldoman wees.*

**• Wat is julle tweetjies se verhouding tot mekaar?**

*M: Baie lief vir mekaar, niks kan ons van mekaar skei nie.*

*V: Ons is soos Vinkel & Koljander.*

**• Eldovrou, gaan jy opkom vir vrouregte in Eldoraigne noudat daar uiteindelik 'n vrou gaan wees wat braaf genoeg is om die bul by die horings te pak? (en in ski-pants op takke rond te hardloop)**

*V: Hulle het my niks gesê van 'n bul nie! Vrouregte het my nog altyd na aan die hart gelê, maar sonder Eldoman sou ek niks gewees het nie.*

**• Van 1989 tot 1996 is Eldoman al opgemerk by ons skool. Tog het Eldoman eers in 1995 aktief op die voorgrond getree. Wat is julle vooruitsigte en planne om hierdie jaar absolutely fabulous te maak, noudat liberale Eldovrou ook aangesluit het soos Eva in die paradys.**

*M: Net soos Adam in die paradys oor die skepping geheers het so sal ek oor Eldoraigne heers.*

*V: As ek daai slang kry gaan ek sy addamsappel vir hom uitruk.*

**• Julle daaglikse dieët.**

M: Ek is al so honger my maag kramp al!

V: Smeer jy dit op jou brood?

**• Gunsteling kleur onderklere, aangesien julle dit oor julle ski-pants gaan dra?**

M: Ek trek nie onderklere aan nie, net bo-klere.

V: Dit is vir my om te weet en vir julle om uit te vind!

**• Wat is julle gunsteling tydbedryf, by die skool en tuis (sportsoort)**

M: Skool: Push-ups
Huis: Vry

V: Skool: Sky-diving
Huis: Tandeborsel




**• Wat sou julle van Eldoraigne (en van mekaar) sou wou verander as julle kon?**

M: Eldoraigne: die ligging
Eldovrou: ek so graag haar beenhare wou skeer

V: Eldoraigne: as dit moontlik was sou ek onverbeterlike samewerking en dissipline van almal se kant af wou gehad het, want dan sou dinge soveel meer pret gewees het, en ons sou soveel meer bereik het.
Eldoman: Ek sou graag sy neushare korter knip.

**• As voorstaanders van "equal rights", goeie gesondheid, spangees, rose op moedersdag en al sulke oulike dinge, wat is julle boodskap vir Eldoraigne?**

M: Lewe vir die toekoms, leef om daar te wees

V: Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar.

**• En julle "motto" vir die res van die jaar?**

M & V: Eldo's stay forever young!






# Daar gaan die hare!

## (alweer!)

**Hanneli**


Op 1 Augustus het 'n paar standerd 9's finaal hulle waardigheid verloor, toe die breëbors en fanatiese matrieks die skeermesse uitgehaal en laat waai het.


Aan die ontvangskant was 'n paar verboureerde st 9's, wat desperaat probeer red het wat daar te redde was.


Foeitog! Watter verweer het 'n standerd 9-spannetjie teen 'n amperse Eldo-eerste span? Ek moet sê, aanvanklik het die standerd 9's grassies in die matrieks se oë geskop en amper het ons 'n debakel gehad!

Dink net hoe sou Vaatjie gelyk het sonder hare? Om nie van Billie te praat nie! Maar die gevreesde en hoogaangeskrewe 15-tal het nie op hulle laat trap nie. Ten spyte van die intimiderende houding het onse matrieks die standerd 9's gewys hoe rugby nou eintlik moet lyk!

Baie geluk aan die matrieks en ons hoop die poenskoppe se hare groei vinnig terug. Sterkte vir volgende jaar se standerd 9's. Oefen maar solank julle Haka standerd 8's!!







# Spelfoute

My voete heuk.
Die golwe het oor en oor dieselfde dienkie gespeel
'n Wit kerkgeboutjie pruik ook daar
Daar was 'n vuur hert in die huis
Op die bruilof drink almal pamboer
Almal was gesteuwel en gespoor
Die bruidegom het 'n pluiskuil op sy kop
piring groot oë / pasissiers / lug worden
Ek herhender my
Ons bestuig die trappe
'n Geskikte landingsaria word gesoek
Daar heers oorlog in Palasina
Haastig slaan ek bommelankiesie
Dit is lengte in die Kaap
Sy juk om die telefoon op te tel
Die deur is soos 'n perdehoef versuur
Haar gedagtes is 'n waarwoel
Baie dae het Ben gekreun van die puin
My gruisstof werk
In die verte sien ek 'n stofie waai
toeruste aantrekings / disepliene / kerbizarre
Ons geniet ons gatte uit / Jan Smiths lughawe / soofeel / bus-toedeur / klasfakkie / bo-hai / sjampyn / siekrietyd / jualityt / somigis / somemegis
'n Borde met 'n groentjie of drie, 'n stukkie vlies of twee en aarte-pels
Die foon beging te tiet




finansioneule krieses / komenieker / kompitiasies / competers / sekruele klass / Uiniversietyd / skuitbord / Natuur en Skeidkunde / misuk / iewe skielig / sekreteits wag / viguir / Transvaller
Die dokter het gese ek kan bly wees ek het so lig daarvan afgekom dat net my verheemelte weg is en vier taande na my oogtand weg is
LO onderwuis het hom te hulp ge snell
aspestosbaaitjie / meniete / ampielaans
Ons het die bekende potholse besoek
iesotiese kose/
Ons kla oor die halfgedoude lappa en al die krakke in die huis

# Onnies se raad

## aan matriek-afskeidsgangers

**Corné-Louise Bredenkamp**

Die tyd het uiteindelik aangebreek om die prinses rok uit die kas te haal. Jy het twaalf jaar van skool agter jou rug en vier dit met 'n matriek-afskeid waar al jou beste vriende en al die ou bekende gesigte van die verlede bymekaar is. Dit voel asof dit jou eerste aand van grootmens is, maar in werklikheid die laaste aand van grootmens is, maar in werklikheid die laaste aand van jou kindwees. Hier is 'n paar onderwysers se raad aan Eldo's se matriek-afskeidgangers.


**Mnr. Van Graan:** "Vasbyt, die lekker kom!"
**Mej. Kleynhans:** "Geniet dit ten volle"
**Juf. Smit:** "Dit is (hopelik) 'n eenmalige geleentheid. Moenie loop voor die laaste dans speel nie"
**Mev. Maré:** "Moenie toelaat dat dit 'n aand word wat jy so gou as moontlik wil vergeet nie"
**Mej. Nunes:** "Jou metgesel kan die aand maak of breek"
**Mev. de Beer:** "Dit is só gou verby. Moenie jou hare sny die middag vóór die matriekafskeid nie. Dit is ALTYD 'n flop!"
**Mev. Taylor:** Elke matrikulant staan nou voor die kruispad van die lewe. Moenie te haastig raak nie, geniet die blinkmooi aand en bêre dit vir later om soos 'n kosbare pêrel weer en weer uit te haal en te bekyk"
**Mev. Eloff:** "Maak seker jy vergesel 'n ster en nie 'n treurkoek nie.

Tog is die belangrikste boodskap seker die van Mev. Ungerer wat die afskeid gereël en aan die hoof van die fondsinsamelingsprojek gestaan het: "Be sympathetic towards any mishaps which may occur during the evening. Be part of the evening and don't miss out on a minute's enjoyment. Hou in gedagte dat baie, baie ure se werk, inspanning en beplanning die afskeid vooraf gegaan het"

So dus: graveer die kosbare herinneringe in jou brein en geniet die spesiale geleentheid!"



# Kom gesels met Grieta



## Het jy 'n persoonlike probleem wat jy graag met iemand wil bespreek?

Skryf gerus aan Grieta
Posbus 53200
Wierdapark
0149

**Ek kry nie genoeg slaap nie en voel altyd moeg.**
*Klaasvakie van C*

**Klaasvakie**

Jy stel nie jou probleem duidelik genoeg nie. Ek weet nie of jy snags of bedags by die skool nie genoeg slaap nie. As jy snags sukkel om te slaap, is dit omdat jy jou moontlik uitslaap in skooltyd. Probeer dus om ten minste pouses te veg teen die slaap en wakker te bly. Indien jy bedags, in skooltyd, sukkel om te slaap, is dit waarskynlik te wyte aan onderwysers wat te "luid" is en dalk "spoegerig" praat. Jy weet, slaap en nattigheid trek nie saam onder dieselfde juk nie. Dink aan 'n taktvolle metode om die onderwyser "droër" en "sagter" te kry. Sterkte hoor.

**Ek het niemand op wie ek verlief is nie en ek is reeds in st. 9**
*Bekommerd*

**Bekommerd**

Hoe ironies is die keuse van jou skuilnaam nie. Jy het hoegenaamd geen rede tot kommer nie. Dink net wat het toentertyd met onse geliefde Aspoestertjie gebeur. Ook gedink sy is op die rak en danksy 'n skoen wat uitgeglip het, het sy in die fris arms van 'n vors geland.

Probeer die wenk: dra altyd een skoen wat ietwat losser as die ander een is en soek 'n struikelblok as jy 'n potensiële "vangs" iewers gewaar. Struikel dan so dat jou Bata-toughee agterbly, maar strompel moedig voort. Die soektog na die eienaar van die skoen kan een van die opwindendste tye in jou lewe word. Hierdie truuk mag dalk ook negatiewe gevolge hê, veral as jy later merk dat die "vangs" se hele lyf oortrek is met 'n skimmelkors as gevolg van die skadelike gevolge van 'n voetskimmelvirus.

**Ek het my ma se motor gestamp. Sy gaan my heeltemal doodmaak.**
*Opel van E.*

**Opel**

'n Troos so reg aan die begin. Dis beter om heeltemal dood te wees as net gewoon dood. Só 'n lang lyding kan 'n nare besigheid wees. Landuit vlug klink na die beste opsie, maar dit gaan die duik nie ontduik nie. Al wat jy nou kan doen, is om voor jou ma uitvind, in haar goeie boekies te kom. Doen byvoorbeeld die regte dinge:

• borsel jou tande gereeld sonder dat sy jou hoef te smeek • moenie meer met moddervoete op die roomkleur sitkamermat loop nie • bied aan om haar toonnaels te versorg • probeer om jou pa vir een aand voor die TV weg te kry • komplimenteer haar met haar sop, al proe dit soos 'n resep uit 'n Nazi-strafkamp.






# My ouers is 'n pyn

"My ouers is 'n pyn, hulle hou my te vas...hulle wil my nêrens laat gaan nie...hulle vertrou my nie...hulle besef nie ek is 'n tiener en nie meer klein nie..."

Hoeveel tieners het nog nie so-iets gesê nie? Seker baie min. Vir 'n tiener voel dit skielik of sy ouers hom nie meer verstaan nie. Hulle dink anders, redeneer anders en is net nie "by" nie. Daar word nie meer oor probleme gepraat nie, want "hulle verstaan tog nie". Sodoende versleg kommunikasie tussen ouers en tieners al meer en meer.

Hoekom tree ouers so op? Het jy jouself al ooit in jou ouers se skoene geplaas en die saak van hulle kant af probeer beskou.

Vir enige ouer is dit swaar as sy kinders begin groot en onafhanklik word. Hy/sy speel nie meer so 'n belangrike rol in jou lewe nie. Maats word belangriker en jou ouers voel verwerp en weggegooi. Die maak seer! Nou probeer hulle maar net nog 'n bietjie vasklou en jou klein hou, sodat hulle jou nog 'n rukkie kan versorg en jou probleme vir jou oplos.

Dit is 'n baie anderse lewe nou as 20 jaar gelede en hulle is bekommerd oor jou. Ja, hulle gee om! Twintig jaar gelede was daar nie so baie motorkapings, 'n verkragting elke 6 minute en 'n moord elke 3 minute nie; ook nie 'n huisinbraak elke 30 sekondes nie. Dis in so 'n veranderde wêreld waarin hulle jou moet loslaat en dis vir enige ouer moeilik, want hulle gee werklik om vir jou. As hulle nie meer kerm nie en jou maar net laat gaan, dán moet jy bekommerd begin raak, want dán gee hulle nie meer om nie!

Hoe los jy die probleem op? Voor jy volgende keer kwaad word, LUISTER na wat agter die woorde lê, voordat jy terug antwoord.

Praat, praat, praat - moet nooit die kommunikasie verbreek nie, want dit is altyd moeiliker om dit te herstel as om dit in stand te hou.

Kyk volgende keer eers deur jou ouers se bril en miskien sal jy hulle vrese beter verstaan.

***Dr P***

# "In"

Ek dra swart klere
maar nie omdat ek 'n donker mens is nie
Ek gaan kyk flieks wat ek nie wil sien nie,
maar ek kla nie
by die skool skeep ek my werk af,
en dit,
alles net om "in" te kan wees

Êrens in my, lê my ware persoonlikheid
en, eendag, sal ek dalk kan doen
wat ék wil
en nie wat die groep wil nie
My groep doen iets,
dan doen ek dit,
My groep sê iets
dan sê ek dit
Ek voel sommer soos 'n pop in 'n poppetas
Ek doen net wat ander wil
Hopelik eendag
sal ek net myself kan wees



WESTERN APTEEK

Mitchelstraat 577
Pretoria-Wes

☎ 327-0645/6/7

D.J. RYKAART

Rx

# Eldo se **blinkste sterre**

## "Die lewe bepaal nie 'n kampioen nie, maar 'n kampioen bepaal die lewe!"

***Hoërskool Eldoraigne was hierdie jaar weer behoorlik in die kollig. Uitstekende sportprestasies was glad nie skaars nie en sekere sportsoorte het ware kampioene opgelewer.***

## Atletiek



Vyf leerlinge het die Gauteng-Noord Junior Atletiekspan gehaal en die geleentheid gekry om aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe by die nuwe Johannesburg Stadion deel te neem:


- Tania Naudé: 100m, 200m en hekkies
- Jacques du Preez: driesprong
- Adriaan du Toit: 3000m
- Irené du Toit: Skyfwerp en gewigstoot.

Wat Tania, Irené en Adriaan se prestasies so besonders maak is die feit dat hulle in die O/17 ouderdomsgroep moes deelneem, terwyl hulle O/16 was.



## Atletiek

Die vyfde atleet is die langasem, Peet Botha. Peet se besonderse prestasies gedurende 1996 het reeds by die Interhuis begin, waar hy 4 eerste plekke behaal het en by die U SSASA-Kampioenskappe waar hy 'n bronsmedalje losgehardloop het. Hy is ook uitgenooi om later vanjaar by die Pepsi-Spele te gaan deelneem. By die Top 10 Skolebyeenkoms het Peet 'n goue medalje verwerf. Hy is ook in die landloop span van die Noord-Gauteng opgeneem. "KILL THEM DEAD, PEET!"







# Seuns Interhoër Atletiekspan



Voor vlnr: **Henk Blom, Mnr. Hartman Grobler (Atletiekorganiseerder), Jacques du Preez, Mev. Charlotte Schoeman (Spanbestuurder), Adriaan du Toit, Mnr. Andries Keun (Spanbestuurder), Robert Richards.**
2de ry: **Riaan J.v. Rensburg, Bennie Erasmus, Jaco Homan, Johan Alberts, Jackie de Wet, Iggie Labuschagne, Stefan de Clerk, Arno du Plessis.**
3de ry: **Hennie de Beer, Philip ?, Werner Petzer, Herman Mentz, André Zowitsky, Van Wyk.**
4de ry: **Johan Meyer, Jacques van Niekerk, Bernard Swart, Johan Smit, Vincent Visagie, Jaco Ferreira, Renier Bothma, Pierro van Zyl.**
5de ry: **Johan Carstens, Zander Beukes, Atman Beukes, Francois McDonald.**



# Dogters Interhoër Atletiekspan



Voor vlnr: **Hanneli Steyn, Mnr. Hartman Grobler (Atletiekorganiseerder), Tania Naude, Mev. Charlotte Schoeman (Spanbestuurder), Irené du Toit, Mnr. Andries Keun (Spanbestuurder), Tharina van Dyk.**
2de ry: **Nanki Smith, Corette Meyer, Janet Pieterse, Maryke Blom, Elmarie Backeberg, Elizna Kruger, Igna Freysen, Anneri Franken, Inge Selzer, Charlene du Preez, Celeste Riddick, Marianne Gerber.**
3de ry: **Suzelle Engels, Angelique Harris, Daniella Fourie, Michelle Graaff, Marinda Pretorius, Anneke Lombard, Denise Smit, Tanya Smith, Renee de Wet.**
4de ry: **Annelize Richter, Lara Crous, Lucinda Verster, Anel Bezuidenhout, Anneli Obermeyer, Elsabe Perkins, Walda Theron.**
5de ry: **Throne van Wielligh, Chrisna Mentz, Leandri Hattingh, Tilla Königk, Lizanne Lagenhoven.**

# Rugby



21 Sterk seuns plus 3 puik afrigters gee vir jou 'n bulspan. Die O/16A rugbyspan het die verste gevorder van al die rugbyspanne. Die span het deurgedring na die Gauteng-Noord halfeindrondte om die Beeld-trofee. Hier het hulle uitgeval teen 'n gedugte Affie-span. Die O/16-span is ook die huidige Coca Cola Tien-aan-'n-kant kampioene. Eldo's moet dié span nog dophou, hulle gaan nog groot hoogtes bereik.




Die Eerste Rugbyspan het hulle opponente goed laat les opsê in die A-bond. Die span het ongelukkig in die kwarteindrondte uitgeval. Nietemin was dit 'n puik vertoning!

Voor vlnr: ***Vaatjie Claasen, Pierre Joubert, Mnr Marks, Mnr Roos (Hoof), Mnr Roelofse, Hanjo-Ore Stander, Fuzzy van Eeden.***


Middel: ***Jo-as Kruger, Chris (Lappies) Rossouw, Diane Putter, Willempie Scheepers, Vincent Visagie, Joost Middleton, Chucky v.d. Merwe, Renier Bothma.***


***Agter:*** ***Wynand Henderson, Ham van Rooyen, (Ewert) James Schnetler, Hoofman Palk, Christie v.d. Westhuizen, Boeta Palk, Cobus Lausberg, Reus de Lange.***



# Rugby


Dié reuse rugbyspeler is nou maar eers in st. 8 en het reeds die jaar vir ons Eerste Span uitgedraf as agsteman. Wycomb Palk is voorwaar 'n rugbyspeler van formaat. Hy is opgeneem in die finale oefengroep vir die Noord-Gauteng Akademiespan.





Eldo's, as julle nou goeie raad wil hê, (komende van Juf. Eloff) dan moet jy NOU 'n klein krieketkolfie koop (by Fanie de Villiers???) en laat Pierre Joubert sy handtekening daarop plaas. Mev. Eloff voorspel dat dit nog 'n "collectors item" gaan word. Miskien moet jy sommer rugbyballetjie ook koop!

Pierre was die afgelope seisoen kaptein van die Eerste Rugbyspan. Hy is ook gekies vir die Noord-Transvaal Cravenweekspan wat gedurende die Julie-vakansie aan die Cravenweek in Stellenbosch deelgeneem het.







# Krieket

Maar, krieket is eintlik waar sy belangstelling lê. Hy speel reeds van st. 6 af vir die skool se Eerste Krieketspan en is die afgelope 2 jaar kaptein van die span. In 1995 is hy aangewys as die krieketspeler van die jaar en het ook Suid-Afrika in Engeland verteenwoordig. In 1996 het hy weer die SA O/19-span gehaal en na Indië getoer.

Hy's 'n gekontrakteerde speler van die Noord-Transvaal Krieketunie en is onlangs gekies vir die Senior A-span wat in Kenia gaan deelneem!


By al sy sporttalente kan ons ook byvoeg dat Pierre altyd 'n voorbeeld vir sy jong aanhangers is. Die man, wat ook op die leerlingraad dien, is die nederigheid self, toon altyd goeie maniere en is baie beleefd. (Soms is hy net 'n bietjie moeg - veral in die klas - maar hierdie blink ster moet ook bietjie rus...!!!)



# Netbal

Drie O/16 speelsters het hulle Gauteng Noordkleure vir netbal verwerf. Maryke Schnetler het vir die derde aftereenvolgende jaar haar kleure verwerf en is vanjaar as kapteine van haar span verkies.

Adéle Jonker en Irené du Toit was ook in dié span wat aan die SA-Kampioenskappe in Oos-Londen deelgeneem het. Vir die drie meisies was die hoogtepunt van die toernooi die feit dat al drie vir die Top 21 speelsters in Suid-Afrika gekies is.



Gauteng-Noord Netbalspeelsters
***Maryka Schnetler (Kapt), Adele Jonker, Irené du Toit.***



Mev. Schoeman is 'n netbalwonder. Nie net rig sy die O/16A- en B -spanne af nie, maar ook die Gauteng-Noord O/19B-span. Dié span was die naaswenners op die SA-Kampioenskappe. Sy is ook 'n keurder vir die Gauteng-Noord O/16- en O/19-spanne en is 'n SA +2 skeidsregter. Voorwaar 'n netbalwonder.



O/16 A-Netbalspan
Voor vlnr: ***Maryke Schnetler (Kapt), Mev. Charlotte Schoeman (afrigter), Charmain Thomas.***
2de ry: ***Madeleen Joubert, M adeleine van Schalkwyk, Tania Naude, Adele Jonker, Irené du Toit, Denise Smit (reserwe), Yolande Luyt (reserwe), Hanneli Steyn (reserwe).***

Die O/16A-Netbalspan het hierdie seisoen hulle kritici se monde skoon stil gespeel. Hulle het al hulle ligawedstryde in die A-bond gewen en skoonskip gemaak in die Gauteng-Noordliga. As wenners van dié gesogte liga moes hulle met Waterkloof klaarspeel in die finaal.

By die Noordvaal Kampioenskappe is hulle nie onder die topspanne gereken nie, maar het vriend en vyand verbaas. In die eindstryd van die toernooi speel hulle teen verlede jaar se wenner, Potchefstroom Gimnasium en wen 20-18. Die Eldo's wen net-net en die trofee was vir die meisies én Juf. Schoeman die kroon op al hul harde werk en deursettingsvermoë.





# Netbal


Onder leiding van Me. Evans was die Eerste Netbalspan ware wenners. Hulle was miskien nie 'n wenspan nie, maar ware wenners in terme van deursettingsvermoë en sportmangees. Onder leiding van Me Evans en Mej. ? het die eerste netbalspan vanjaar verskeie nuwe vaardighede geleer en met elke wedstryd hulself goed gehandhaaf. 'n Baie goeie gees het onder die span geheers en die borgskap van sakke, pette en splinternuwe sportdrag het verder bygedra tot 'n genotvolle seisoen.


Senior A Netbal
Voor vlnr: ***Elbie Rouw, Me R . Evans, Marijke Vermeulen.***
Agter: ***Selmarie Jacobs, Nadina van Niekerk, Pammy de Beer, Karen Dateina.***

# Korfbal

Om Pierre Joubert se sussie te wees, kan nie maklik wees nie! Maar moenie dink die st. 8 meisie lewe in die skaduwee van Pierre nie. Daarvoor is sy self te talentvol.

Marileen het vir die tweede agtereenvolgende jaar SA-Kleure in korfbal verwerf. Haar prestasies hou nie daar op nie. Sy was ook lid van die O/16A Netbalspan wat so goed presteer het.





Tanya Durand is nog maar 'n standerd sessie, maar volg reeds in die voetspore van Marileen. Tanya is gekies vir die Gauteng - Noord B -span en het by die Polisiekollege aan 'n toernooi deelgeneem. Hulle span het al hulle wedstryde gewen en ook 'n medalje ontvang. Hou maar gerus vir Tanya Durand dop!



# Hokkie



Hokkie het gesorg vir 'n stukkie geskiedenis in die Eldo-boeke. Drie speelsters (die meeste nog in 'n seisoen) het hulle Gauteng Noordkleure in hokkie verwerf.

- Lize van der Merwe is gekies vir die O/18A-span wat na Oos-Londen getoer het. Sy speel al vir 3 jaar in die Eerste Hokkiespan en was in 1996 kapteine van dié span.
- Heleen Malan het in 1995 by die finale rondte uitgeval, maar in 1996 het sy deurgedruk. Sy is nie net met 'n plek in die O/15-span beloon nie, maar is ook as kapteine verkies. Die O/15A-span het in Krugersdorp gaan deelneem en algeheel derde geëndig.
- Lezelle Otto speel reeds van die laerskool af hokkie en het vir die Eldo's in die O/15-span gespeel. Eintlik is sy maar net in st. 6 en verwerf haar Gauteng-Noordkleure vir O/14A. Hulle toer na Empangeni waar hulle algeheel vierde eindig.
- Mev. Malan is reeds vir die afgelope vier jaar bestuurder van die Gauteng-Noord O/16A-span. Hulle het die ysige Bloemfontein-winter getrotseer en het algeheel vierde geëndig.

Die Eerste Hokkiespan was wenners op 'n ander terrein as die hokkieveld. Hulle het die beste gees gehad en was kultuurweek-wenners. Op die veld was daar ook 'n snaakse verskynsel: elke wedstryd is daar 'n doel minder teen hulle aangeteken. Die heel laaste liga wedstryd het die span met 2-0 gewen. Die is nou wat 'n mens vordering noem en dit is alles te danke aan goeie afrigting en toegewyde oefening.



Eerste Hokkiespan

Voor vlnr: ***Heleen Malan, Liza vd. Merwe (Kapt), Mev. N. Henzen, Sandra (O/kapt), Carla Strydom***

2de ry: ***Lizl v. Heerden, Natasha Naude, Yvonne Pelser, Chrisna Mentz, Luzanne Louw, Elaine Visser, Annelie Maritz, Karen Smith, Lizelle Oosthuizen.***




# Gholf

Hoërskool Eldoraigne se gholf-uitslae die afgelope jare was uitstekend. Vanjaar is geen uitsondering nie en die spelers het hulle weereens uitstekend van hulle taak gekwyt.

Die Eerste span was ligawenners van die suidstreek en neem later vanjaar deel aan die finaal. By die Standard Bank Uitnodigingstoernooi het die Eldo's vyfde geëindig, dit wil sê dat hulle die vyfde beste in Transvaal is.



Mnr. Schoeman dien al vir afgelope ses jaar op die Noord-Transvaalse Hoërskole gholfbestuur as penningmeester. Hy gaan die Noord-Transvaal Hoërskolespan gedurende die Oktobervakansie vergesel na die interprovinsiale toernooi. Hy is ook as addisionele lid van die Transvaal Hoërskole gholfbestuur gemoeid met gholf-ontwikkeling.



# Skiet

Die vier ywerige skuts het deelgeneem aan die finale rondte Noord-Transvaal proewe. Die 2 meisies (!) Elmarie Bosman en Justine Smith het daarin geslaag om in die span opgeneem te word. Hulle neem gedurende Oktober aan die interprovinsiale kompetisie in Bloemfontein deel.




Skietspan


Voor vlnr: ***L. van Graan, Justine Smits, Maj. P.J. Botes***

Agter: ***Elmarie Bosman, Hannes Strydom, Roelof Coertze.***


# Karate




Norman Rademeyer is 'n st. 6 seun wat nasionale kleure verwerf het in Taekwondo ('n styl). Hy was lid van die nasionale span wat in Little Rock, Amerika getoer het. By die byeenkoms het hy 'n silwer medalje verwerf.



Anton van den Heever (bo) het ook sy SA-Kleure in Karate verwerf, terwyl Willem van der Westhuizen (regs) Gauteng-Noord Kleure verwerf het vir Shuiren Raun.



Nog 'n Eldo wat nasionale kleure in karate verwerf het is Bertus Coetzee. Op die SA-Kampioenskappe het hy vyf eerste plekke behaal in die styl Koreaanse Christelike Martial Arts. Gedurende 1997 gaan hy as lid van die nasionale span aan die wêreldkampioenskappe deelneem.







# Tuimel


Ja, die Eldo's presteer steeds, selfs al is hulle nie met albei voete vas op die aarde nie.

- Jacques du Preez verwerf al die afgelope 10 jaar Noord-Transvaal Kleure vir tuimel en was reeds vier keer die SA-Kampioen. Hy was verlede jaar sy klub se beste tuimelaar.
- Adri Hattingh en Nicolene Hoffman het reeds verskeie kere vanjaar gekwalifiseer vir Noord-Transvaal Kleure. Beide neem in Oktober aan die SA-Kampioenskappe onder die Noord-Transvaal-vaandel deel.
- Gerrie van Belkum is nog 'n lantermynster. Hy verwerf al die afgelope 7 jaar Noord-Transvaal Kleure en was reeds drie keer die SA-Kampioen. Verlede jaar het hy sy SA-Kleure verwerf en in Portugal gaan deelneem. Hy neem ook in Oktober aan die SA-Kampioenskappe deel.











# Fietsry



Die Eldo's het twee spogtrappers in sy midde. Wiehan Cronje het Gauteng Noordkleure verwef en by die SA-Skole het sy span 'n derde plek behaal. Hy was algeheel tiende by die Junior toer en het reeds vanjaar aan 6 interprovinsiale byeenkomste deelgeneem.




Stefen Stephansen



Marius Pretorius en Dionne Ferreira het Gauteng-Noordkleure verwerf en was ook lede van die span wat algeheel derde gekom het. Marius is ook aangewys as die reserwe vir die SA Pad-en Baanspan. Hy het die afgelope jaar aan 5 interprovinsiale byeenkomste deelgeneem.

# Skouspring



Natasha Introna, skraal st. 8 meisie, het aan die Classique internasionale skouspringkompetisies deelgeneem. Sy het met 3 goue medaljes weggestap asook met die Victrix Ludorum-toekenning Sy neem aan 'n internasionale kompetisie in Ierland deel in November 1996.



# Sagtebal

***Naomi Burger, st. 9***

Sagtebal...? "Gaan julle perdry vandag?" Het Jan van Riebeeck julle langs die pad vegeet?" Dis is maar enkele opmerkings as die sagtebal dogters hulle gaan gereed maak vir 'n wedstryd. Graag stel ek aan julle die baie opwindende sportsoort bekend.

Sagtebal het eers in 1995 sy eerste lewenslig in Eldoland gesien. Ons het in 1995 op 'n hoë noot afgeskop en geëindig as die ligawenners.

Die 1996 seisoen het soveel belangstelling uitgelok dat daar tans vyf spanne is. Ons speel vanjaar al ons wedstryde op Hoërskool CR Swart se velde. Tot dusver het die spanne deur die bank bo-gemiddeld goed gevaar en menige teenstanders het met die kous oor die kop huis-toe gegaan.

Sagtebal is definitief nie 'n spel wat net bekend is om agter 'n bal aan te hardloop nie. As jy kan móker, 'n oog vir 'n vinnige bal het, kan vang, hardloop en laastens 'n paar bloukolle kan trotseer, kan jy maar jou staal kom wys.

Ons beskik oor 'n gedugte span afrigters in die vorm van juffrouens Braybrook, Oosthuizen, Gräbe en Van Wyk wat ons in raad en daad bystaan. Ons is verder gelukkig om 'n mnr. Van Wyk te hê wat ons voorberei op harde, vinnige en ver balle.

Kom ondersteun hierdie spanne en help bou aan nog een van die uitvoerprodukte van Eldoland.



O/19 Sagtebal

Voor vlnr: ***Anel Fopma, El-mari Viljoen, Mev G . van Wyk, Marinda Pretorius, Michelle Graaff***

2de ry: ***Madelein Lourens, Anneke Lombaard, Rista Rex, Karin Crouse, Cornel Marais, Naomi Burger.***

O/16-Sagtebal dogters

Voor vlnr: ***Inge Setzer, Lizelle Roos, Elaine Schwarts, Cindy Watson, Janene Pottinger, Natasha Marx, Sunette le Roux.***

2de ry: ***Me C. Braybrooke, Hanneli Steyn, Janet Pieterse, Denise Smit, Adele de Villiers, Charmain Thomas, Leandri Hattingh, Melanie de Vries, Sanet van Zyl, Nadia J.v. Rensburg, Me M. Oosthuizen.***





# Tennis

Vyf Eldo's het provinsiale kleure in tennis gekry. • Rene Nel is in st. 9 en neem saam met Gerda en Nadia in Oktober aan die SA-Kampioenskappe deel.

• Gerda Bezuidenhout is tans no. 36 op die SA-ranglys in enkelspel en dubbelspel. Sy is ook een van die vier beste O/16 speelsters in Gauteng-Noord.

• Nadia Opperman bevind haarself op no. 12 op die nasionale ranglys - haar hoogste posisie nog. Sy is onder die vier beste O/14 speelsters in die streek.

• Christo Neethling en Dietmar Böhmer het in Bloemfontein gaan speel en beide het hulle enkelspelwedstryde sowel as dubbelspelwedsryde gewen.

Tennisspan

Voor vlnr: ***Nadia Opperman, Gerda Bezuidenhout, René Nel.***

Agter: ***Dietmar Böhmer, Christo Neethling.***



# Skaak

Dit was weer 'n goeie jaar vir Eldoraigne se skaakspan. Verlede jaar was ons nog in die A-liga, maar hulle het die formaat verander na 'n streeksliga. Dit is net jammer dat daar nie meer skaakspelers by ons wil aansluit nie.

Skaak het geen ouderdomsgroepe nie en dit is dus moontlik vir 'n St. 6-leerling om die eerste span te haal. 'n St. 6-leerling was al die kaptein van die eerste span. Seuns en dogters het 'n gelyke kans om span te haal en dit is maar eensaam met net 2 dogters in die spanne.

Voor vlnr: ***Roelof Brits, Mev E. le Roux, Mev M. Clarkson, Mev. M. Pretorius, Rina Enslin.***

2de ry: ***Christo Neethling, Danie Vermaak, Danie Conradie (Kapt), Jaco Greeff, Guan Greyling, Tania Naudé, Deon de Wet, Gerbert Myburgh, Dante van der Merwe, Wilsey Maree, Oloff Janse van Vuuren.***

**Aan al die kampioene en die ander deelnemers wat entoesiasties probeer het, sê ons baie geluk en baie dankie. Die was voorwaar 'n onvergeetlike jaar op die sportkalender: een waarin die Eldo's kon deelneem, wen én bowenal dit kon geniet.**

**"To play the game is good.**
**To win the game is better.**
**To love the game is best of all!!"**



# Eldo-in-druk Redaksie



***Redaksie Personeel***

Voor vlnr: ***Mev Wilna Lombaard, mev Marianne Clarkson***

Agter: ***Mev Annatjie du Toit, mev Annalene van Tonder, (Red), mev Marina Pretorius, mev Elsa le Roux; mev Dalene Eloff (afwesig), mev A Celliers***



***Leerling Redaksie***

Voor vlnr: ***Anneke du Plessis, Danette Beetge, Willie Knoetze (Red), Yvonne Pelser***

Middel: ***Lize vd. Merwe, Marinda Nel, Anel Fopma, Leigh Frank, Cornel Marais***

Agter: ***Emile Kleyn, Corné Cronje.***

# Die outjie
## met die "Vleisraam" bril

**Willie Knoetze**



Dit was Donderdag. Almal in die skool was gekam en geskeer, gecollar en getie...dit was fotodag! Maar ten spyte van die semi-onderdrukte chaos, was pouse maar net weer een van "daardie" pouses. Een van daardie filosofies-depressiewe oomblikke wat die manier het om 'n mens buite die huidige omstandighede te plaas...hoogs objektief...

Uiters verveeld het ek voor die kunsklas gestaan en verlangend die miernes van ons vierkant dopgehou: groen hemde, groen dasse, swart skoene...en grys houdings... Weereens het ek besef hoe hartseer dit was, dat so baie kinders dieselfde gesig moes dra...wou dra!

"Die grootste tragedie," het ek vir die wind gesê: "is die afsterwe van ons individualiteit." Selfs op die Internet is die persoonlikheidskleure op die Tienerforums maar yl. Ons het 'n klomp skape geword...en ons voorbok is vertraag. Iewers het 'n Ha-di-da ge-"haa" en weggevlieg. "Ja, as ek ook tog net kon wegvlieg..."

Toe skyn dit my 'n wonder gebeur...so reg voor my oë: daar, tussen die groen, warboel "cool" kinders, wandel 'n mens met 'n bril van vingers. Hy swaai en hy draai, lag en sing en kan dood eenvoudig net nie minder worry oor wat ander dalk mag dink nie. "'n Engel?", klink dit in my harsings: "of dalk een van daai cult-tipe-mense! Hy's sweerlik nie van hier nie!"

Die klok lui en almal probeer weer lyk asof hulle wag vir hul foto om geneem te word... party kinders staan in rye, ander loop heen-en-weer en nog ander kinders sit net eenvoudig op die gras en mooi lyk.

Later die dag, in 'n leë klas, vang ek myself met 'n glimlag op my bakkies: "Hy dans ôk seker in die reën..."

En nou, hier waar ek sit en wonder hoe die draadwerk agter die skouspel van die lewe werk... "filosofeer"... dink ek weer aan fotodag.

Ek dink dat ons moet sorg dat individue op die leerlingraad dien. Daardie mense, wat die lewe omhels en die gevolge van hulself wees aanvaar, moet in ons grys samelewing van namaakselfs losgelaat word om 'n bietjie outydse Technicolor rond te spat! Ek glo regtig dat sulke mense die voortou moet neem in ons land. Met sulke mense in die regering en in ander hoë posisies sal ons ekonomie net nie anders kan as om dramaties te verbeter nie. Skole sal soveel meer aangenaam wees om van deel te wees, aangesien daardie miteologiese organisme (die lank afgestorwe Skoolgees) dan sonder huiwering sal terugbreek in ons driedimensionele realiteit in en ongekende herlewing sal veroorsaak.

Ek as persoon, is vas daarvan oortuig, dat sulke mense nie anders kan as om hemel toe te gaan nie...mense soos die outjie met die "Vleisraam bril".


**ELDO-IN-DRUK**

Uitleg deur D-zynit Tel:329-5705

Gedruk deur: Pretoria Print and Copy Centre Tel: 377-0190






JEANNE GREEF

